15.3 RAPPORT DEPUTATE EKUMENISITEIT : BUITELANDS (Artt 121, 224, 227, 228, 271, 323, 335, 341)

A. Die ondervoorsitter, ds SD Snyman, neem die voorsitterstoel in.
B. Ds HS Coetzee lewer die Rapport met verdere toeligting deur dr CJ Smit aangaande 1.2.3.
C. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Ekumenisiteit en Owerheid.
D. **Besluit:** Finansiële sake word verwys na die Kommissie vir Finansies.
E. Prof SJ van der Merwe rapporteer namens die Kommissie Ekumenisiteit en Owerheid.
F. Ds J van Schaik rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.
G. Dr GJ Meijer stel die ordevoorstel aan die Sinode oor 13.12 van die Rapport.
H. Kyk vir besluit oor "*descensus*" by 12.3.11.

I. RAPPORT

1. Inleidend

Vir kennisname

1.1 *Erkentlikheid*

Die Deputate bied hierdie Rapport met diepe erkentlikheid aan

1.1.1 eerstens teenoor die Alleenregeerder van die kerk wat die GKSA op hierdie wyse al hoe meer wêreldwyd diensbaar maak

1.1.2 tweedens teenoor Sinode 2006 wat die verantwoordelikheid vir dié taak aan die Deputate opgedra het

1.1.3 derdens aan die kerke vir die verpligte kollekte waarsonder hierdie noodsaaklike werk nie moontlik sou wees nie.

1.2 *Algemeen administratief*

1.2.1 Die Deputate het ses keer gedurende die termyn vergader.

1.2.2 Dr CJ Smit het as voorsitter gedien en dr J le Roux as skriba. Vanaf 2007 het ds HS Coetzee as skriba opgetree.

1.2.3 Die Deputate het op die volgende Lessenaars gefunksioneer om sodoende die werk te verdeel: 'n Lessenaar vir Afrika, vir Noord-Amerika, vir Suid-Amerika, vir die UK en Skotland, vir Nederland en die Res van Europa, vir Australasië, en vir die Ooste. Die name van die Deputate word vermeld by die bepaalde Lessenaars waarby hulle betrokke was.

1.2.3 Die Rapport is volgens die werksaamhede van die onderskeie Lessenaars ingedeel. By die onderskeie Lessenaars word kerkgemeenskappe gegroepeer onder die hoofde *Ekumeniese Eenheid*, daarna *Ekumeniese Bande* en derdens *Ekumeniese Kontak*.

1.2.4 Die benoemde Adviseurs is ten volle betrek in die werksaamhede van die Deputate. Hulle verdien dank vir die uitnemende werk wat hulle gedoen het, asook vir die feit dat sommige van die professore hierdie verpligtinge dikwels ook kon laat saamval met ander opdragte.

1.2.5 Gekombineerde besoeke is waar moontlik deur die Deputate gebring om kostes te bespaar.

1.2.6 Uitnodigings om Deputate / Waarnemers te stuur is gerig aan al die kerkgemeenskappe met wie ekumeniese eenheid onderhou word, asook aan die kerkgemeenskappe met wie ekumeniese bande onderhou word.

1.2.7 Aan die Deputate / Waarnemers is gestel dat hulle hartlik welkom sal wees in die Sinode en dat hulle geleentheid sal kry om gelukwensinge aan die GKSA oor te dra met sy 150 jarige jubileum. Hulle sal ook geleentheid ontvang om aan besprekings in die Sinode en op Kommissie deel te neem soos dit deur die Moderamen vasgestel word.

1.2.8 Al die dokumente wat hierdie Rapport vergesel is vir insae beskikbaar en word vir bewaring in die argief geplaas.

1.3 *Besluite van vorige Sinodes wat bepalend is vir die opdragte aan die Deputate*

1.3.1 Deputate Ekumenisiteit: Buitelands kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art 49 (Acta, 1997:176, 3.1.1).

1.3.2 Die uiteindelike eenheid van Gereformeerde Kerke moet "as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping" gesien word (Acta, 1970:69).

1.3.3 Die doel van die ekumeniese gesprek is die uitdra van die universele evangelie waardeur alle kerke tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en so tot een kerklike gemeenskap op grond van ooreenstemming van die leer opgeroep word (Acta, 1994:195, 2.2.1.1; vgl 1967:366).

1.3.4 Daar moet onderskei word tussen die roeping tot belewing van eenheid (kerke wat een in leer, diens en tug is) wat begrens is, en die roeping tot ekumenisiteit wat onbegrens is en wat tot alle kerke uitgaan en oproep tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en tot die onderlinge gemeenskap van gelowiges (Acta, 1967:366).

1.3.5 Met die eenheid van die kerk word nie eendersheid van plaaslike kerke bedoel nie. Daar sal noodwendig uiterlike verskille, bv. in liturgie en bedieningsmetodes tussen plaaslike kerke in verskillende wêrelddele voorkom (Acta, 1997:171, 2.1.1.4).

1.3.6 Die ekumeniese roeping is dan gerig op "herstel van die eenheid van die kerk" (Acta, 1967:365).

1.3.7 In die uitlewing van die ekumeniese roeping gaan dit egter nie net om 'n gesprek oor hoe kerkgemeenskappe sigbaar een kan word nie, maar ook oor profetiese getuienis vir die waarheid teen die leuen, asook oor samewerking in soverre daar 'n gemeenskaplike taak is wat behartig moet word (Acta, 1997:176, 3.2.1).

1.3.8 Gesien in die lig daarvan dat die GKSA 'n onbegrensde ekumeniese roeping het (Acta, 1976:366) en die noodsaaklikheid van die profetiese roeping van die GKSA in Suid-Afrika baie groot is, is dit belangrik dat die GKSA (onder andere deur hierdie Deputate) insette en getuienis by godsdiensinstansies, waar onder die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en soortgelyke organisasies, sal lewer (Acta, 1997:177, 3.2.3).

Besluit: Neem kennis van 1.1 tot 1.3.8.

2. Nederland

Deputate verantwoordelik: dr CJ Smit (s) en prof A le R du Plooy.

Kerkgemeenskappe in Ekumeniese Eenheid

2.1 *Christelijke Gereformeerde Kerken Nederland (CGKN)*

2.1.1 Opdrag

Die eenheid met die CGKN word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes waar dit moontlik is (Acta, 2006:196, 1.1.3.2).

2.1.2 Uitvoering van opdrag

2.1.2.1 Met die Deputate van die CGKN is verskeie kere samesprekings gevoer – ook rondom CGKN Sinode 2007. Dit het veral gegaan oor 'n gesamentlike reëling van 'n konferensie oor hermeneutiese beskouings en eksegetiese toepassing met betrekking tot die vrou in die amp – saam met die GKN(v), die NedlGK en die VGKSA. Verder is ook oor die CGKN se sendingbetrokkenheid in Suider-Afrika gehandel, toegespits op die vraag hoe die GKSA se samewerking hierin benut kan word.

2.1.2.2 Oor die moontlike gesamentlike konferensie het die Deputate van die betrokke kerkgemeenskappe na deeglike oorweging besluit om dit uit te stel na 'n later datum.

2.1.2.3 Die CGKN se sendingbetrokkenheid in Suider-Afrika toon tans die volgende profiel (via prof Eric Peels)

(i) Die stand van die CGKN se sendingbetrokkenheid in SA

De Christelijke Gereformeerde Kerken (CGK) hebben zendingswerk in Zuid-Afrika, Botswana en Mozambique.

(a) Zuid-Afrika: in het westen van Mpumalanga ondersteunen de CGK de Gereformeerde Kerk van KwaNdebele financieel. De kerk is zelfstandig. Als adviseur van de kerkenraad treedt op dr CW (Kees) Buijs. Momenteel worden tien tot twaalf gemeenten met sterke kerkenraden verzelfstandigd. Tot voor kort behoorde de kerk van KwaNdebele bij de classis Tswane. Er wordt over gedacht om zelf een classis te vormen.

(b) Ook in KwaNdebele: dr CW Buijs geeft leiding aan de Mukhanyo Bible School, (niet te verwarren met het Mukhanyo Theological College) De Bijbelschool staat ten dienste van de onafhankelijke kerken. Voorgangers en gemeenteleden ontvangen een eenvoudige theologische scholing.

(c) Ook in KwaNdebele: de CGK ondersteunen het Mukhanyo Theological College. Vanaf 1 Januari 2008 is de steun ingeperkt tot het ter beschikking stellen van de gebouwen van het MTC (die eigendom zijn van de CGK) en studiebeurzen voor studenten uit de regio KwaNdebele tot een vastgesteld maximum.

(d) Zuid-Afrika: in Limpopo ondersteunen de CGK financieel vier gereformeerde kerken in Venda: Niani, Mutale, Soutpansberg en Funduzi. In het gebied van deze kerken hebben de CGK van 1960-1992 zendingswerk verricht. Vanaf 1992 zijn er telkens overeenkomsten gesloten met deze kerken. Daarnaast wordt substantiële steun verleend aan de Iyani Bible School.

(ii) Toekomsvisie en -beplanning met betrekking tot sendingwerk in Suider-Afrika en hoe verdere samewerking met die GKSA daardeur benut kan word

(a) Zending CGK richt zich hoe langer hoe meer op een projectmatige aanpak van het zendingswerk. Dat betekent dat er betrekkelijk kortlopende verplichtingen worden aangegaan waarvan meteen wordt vastgesteld voor hoe lang en met welk doel. Van kerkplanting verschuift de aandacht meer naar ondersteuning van plaatselijke Bijbelgetrouwe kerken én van het verstrekken van onderwijs aan lokale onafhankelijke kerken die Gereformeerd Bijbelonderwijs aanvaarden.

(b) Gaandeweg neemt de welvaart in Zuid-Afrika toe, terwijl de andere landen in de regio achter blijven. Dat zal op termijn betekenen dat aan de Zuid-Afrikaanse kerken gevraagd wordt meer en meer hun eigen verantwoordelijkheid te nemen in de opbouw van een geïntegreerd kerkelijk leven, terwijl de hulp vanuit Nederland – althans financieel – verschuift naar de armere landen (Botswana, Mozambique). In de contacten met de GKSA zal deze ontwikkeling zorgvuldig met elkaar doorgesproken moeten worden.

(iii) Die CGKN se verhouding met Sinode Soutpansberg

(a) Er zijn momenteel geen nieuwe ontwikkelingen in de relatie met de synode Soutpansberg. Die relatie is goed – waarbij de broeders uit Venda weten van de bedenkingen die de CGKN hebben tegen hun houding in de nieuwere kerkelijke ontwikkelingen. De CGKN zijn teleurgesteld dat de kerken van Venda weer een eigen opleiding hebben opgestart na alle pogingen die vanuit Nederland zijn ondernomen om te bemiddelen in het geschil tussen de synode Soutpansberg en Potchefstroom.

(b) De CGK behouden zich het recht voor ook met andere kerken uit Venda (c.q. de classis Capricorn) goede contacten te hebben of te ontwikkelen. Er is hoop dat nieuwe generaties in Venda meer open zullen staan voor de verhoudingen in het nieuwe Zuid-Afrika.

(iv) Die CGKN se verhouding met die Reformed Church Botswana

Met de synode van de RCB hebben de CGKN nauwelijks contact. Van onze zendingswerkers krijgen wij de indruk dat de synode niet veel haast heeft om bijeen te komen. De contacten met de plaatselijke kerken in Gantsi en D'kar zijn goed. Onze werkers hebben alle ruimte om hun taak te vervullen.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.1.2.

2.1.3 Aanbevelings

2.1.3.1 Die Sinode konstateer sy dankbaarheid oor die ekumeniese eenheid met die CGKN, wat 'n jarelange band van eenheid in leer, diens en tug is, en wat telkens prakties op ekumeniese vlak tot uitdrukking kom, soos onder meer blyk uit 2.1.2.

2.1.3.2 Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van deputate en praktiese samewerking - veral op die terrein van sendingwerk - waar dit moontlik is.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 *Nederlands Gereformeerde Kerken (NedlGK)*

2.2.1 Opdrag

2.2.1.1 Die eenheid met die NedlGK word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes waar dit moontlik is.

2.2.1.2 Die groeiende samewerking op plaaslike sendingvlak word deur die Sinode aangemoedig.

2.2.1.3 Die gesprekke oor Skrifbeskouing en hermeneutiese beskouing (vgl 1.2.2.3–1.2.2.7 uit Rapport 2006) en relevante kerkregtelike aspekte, word voortgesit (Acta, 2006:197, 1.2.2.3-1.2.2.7).

2.2.2 Uitvoering van Opdrag

2.2.2.1 Met die Deputate van die NedlGK is tydens die NedlGK Sinode in Mei 2007 samesprekings gevoer. Na diepgaande toeligting blyk dat die beskouings wat in die NedlGK oor hermeneutiek gehandhaaf word, nie spesifieke verdere ondersoeke regverdig nie. Geen grondige verskille met die tradisionele Gereformeerde siening kon vasgestel word nie.

2.2.2.2 Dr CJ Smit het groete van die GKSA op die genoemde Sinode oorgedra. Verskeie gesprekke is met Deputate van die NedlGK, asook met afgevaardigdes van ander kerkgemeenskappe oor gemeenskaplike sake gevoer.

2.2.2.3 Die NedlGK se sendingbetrokkenheid in Suider-Afrika, veral die voortgesette betrokkenheid by Richmond, toon tans die volgende profiel (aan die hand van ds Fritz Kruger): Die Nederlands Gereformeerde Kerken is steeds betrokke by drie sendinggebiede in Suid Afrika, al drie in KwaZulu-Natal.

(i) Die Richmond-omgewing

In die omgewing van Richmond en Durban is daar 4 gemeentes wat ontstaan het uit die werk van die NGK, naamlik Ndaleni, Mid-Illovo, KwaMncane en iMbumbulu/Umlazi. Elke gemeente bestaan uit 'n hele aantal preekpunte en/of kleiner gemeentes. Hierdie gemeentes word tot 'n meerdere of mindere mate veral finansieel ondersteun vanuit Nederland: al vier gemeentes het 'n eie predikant. Op Ndaleni is die predikant ds SZ Phungula; op KwaMncane is dit ds JP Sithole; op Mid-Illovo is dit ds AB Zaca; in iMbumbulu/Umlazi werk ds PT Hlela. Tans werk nog 2 sendelinge voltyds in hierdie gebied, naamlik ds Riens de Haan (woonagtig op die eNkumane sendingpos: www.enkumane.co.za) en ds Hans Vel-Tromp (sedert 2007). Ds Vel-Tromp se opdrag is veral opleiding en toerusting van die Zulu-sprekende gemeentes in en om Richmond, met die oog gemeentebou, kerkgroei en selfstandigwording. Twee emeritus sendelinge woon nog in die omgewing, naamlik ds Hans Vonkeman en dr Bob Wielenga. Ds Arie Reitsema het in 2007 teruggekeer na Nederland. Die werk in hierdie gebied word in Nederland ondersteun deur die NGK van Kampen en ander steunbiedende kerke. ('n Vyfde gemeente in die Durban-omgewing is die Gereformeerde Kerk KwaMashu, wat gesustenteer word vanuit kerke in die voormalige Klassis Natal. Hierdie gemeente word

tans ingevolge ‘n bedieningsooreenkoms met die GK KwaMncane deur ds PJ Sithole bedien.)

(ii) Die Nqutu-distrik

In die groot gebied tussen Bloedrivier en Babanango, al teen die Buffelsrivier af, is daar tans ook 4 gemeentes wat ontstaan het uit die werk van sendelinge van die Nederlands Gereformeerde Kerken. Die gemeentes is eKwandeni, Munywana, KwaNdindindi en iSandlwana. Elk van die gemeentes bestaan uit ‘n aantal preekpunte en/of kleiner gemeentes. Hierdie vier gemeentes word hoofsaaklik ondersteun deur die *Nederlands Gereformeerde Zendingvereniging Nqutu* (www.ngzn.org), bestaande uit die eertydse sendende kerke van Leerdam, Bunschoten-Spakenburg en Den Haag, plus ongeveer 32 lidkerke. Drie van die gemeentes het tans ‘n eie predikant, en ‘n vierde word binnekort bevestig. Op eKwandeni werk ds PB Motloung; op Munywana, ds SJ Ntuli; op KwaNdindindi werk ds MS Mbatha en op iSandlwana word broeder BW Khumalo binnekort bevestig. In die gemeente van eKwandeni word ‘n deel van die werk ondersteun vanuit die Gereformeerde Kerke Vryheid en Newcastle. Twee sendelinge werk tans voltyds in hierdie gebied: ds Tjeerd Baron en dr Fritz Krüger. Laasgenoemde se opdrag behels ook veral opleiding en toerusting met die oog op die opbou en groei van die plaaslike kerke. Ds Rinze Keesenberg, wat een van die pioniers van die sendingwerk in Nqutu was, is in Augustus 2007 oorlede. Ds Wim Kurpershoek woon tans in Pretoria. Twee ander sendelinge wat in die gebied gewerk het, het teruggekeer na Nederland, naamlik ds Piet Busstra en ds Folkert Pomstra.

(iii) Madadeni/Osizweni

In die groot township Madadeni/Osizweni net buite Newcastle werk ds Sietse Veenstra reeds ongeveer 6 jaar in opdrag van die Nederlands Gereformeerde Kerk Wormer, wat ondersteun word deur die *Stichting Zending Zuid Afrika*. Omdat hier nog geen kerkraad ingestel is nie, is die werk hier deur Klassis iTheku voorlopig onder toesig van die Gereformeerde Kerk eKwandeni geplaas. Ds Veenstra skakel ook met die Gereformeerde Kerk Newcastle vir ‘n gedeelte van die werk wat in Arbor Park in Newcastle gedoen word.

2.2.2.4 Ten opsigte van die moontlike konferensie oor hermeneutiek, kyk 2.1.2.2.

Besluit: Kennis geneem van 2.2 tot 2.2.2.4.

2.2.3 Aanbevelings

2.2.3.1 Die Sinode konstateer sy dankbaarheid oor die ekumeniese eenheid met die NedlGK, wat 'n jarelange band van eenheid in leer, diens en tug is, en wat telkens prakties op ekumeniese vlak tot uitdrukking kom soos onder meer blyk uit 2.2.2.

2.2.3.2 Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van Deputate en praktiese samewerking waar dit moontlik is.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 *Gereformeerde Kerke Nederland Vrijgemaakt (GKN(V))*

2.3.1 Opdrag

Dat die wedersydse betekenis van ekumeniese eenheid tussen die twee kerkgemeenskappe verder uitgewerk en dat daaraan praktiese gevolg gegee word (Acta, 2006:213, 2.1.3.2).

2.3.2 Uitvoering van opdrag

2.3.2.1 Ten opsigte van die moontlike konferensie oor hermeneutiek, kyk 2.1.2.2.

2.3.2.2 Die betekenis wat beide kerkgemeenskappe heg aan 'ekumeniese eenheid', oftewel 'kerklike korrespondensie', is verskeie kere geopper en dit kom prinsipieel ooreen. Daar moet nog verdere samesprekings gevoer word om te bepaal watter praktiese inhoud en op watter terreine tussen die twee kerkgemeenskappe verder gegee moet word aan die begrip ekumeniese eenheid.

2.3.2.3 Dr CJ Smit en prof A le R du Plooy het die Sinode van die GKN(V), einde Mei en begin Junie 2008 te Zwolle, bygewoon. Van die volgende kan kennis geneem word:

(i) Dr CJ Smit het namens die GKSA groete oorgedra.

(ii) Advies en inligting is op versoek van die Sinode gegee oor die GKSA se studies en standpunte oor die taak, posisie en rol van vroue in die kerk in die algemeen en tov die besondere dienste. Die GKN(V) is tans besig om aan die hand van 'n Rapport oor die menings en sentimente met statistiese inligting en mededelinge uit die kerke, opnuut te besin oor die saak.

(iii) Die Deputate is vriendelik ontvang en spesifieke gesprekke is gevoer met 'n Kommissie van die Sinode oor onderlinge verhoudinge, inligting is uitgeruil.

(iv) Daar is ook samesprekings tussen al die kerke, wat in ekumeniese verhouding met die GKN(V) staan, gehou. Hiertydens is insiggewende inligting verkry oor die toestand en omstandighede van kerke in Afrika, soos in Kenia in die besonder waar ernstige politieke spanning is en van die kerklike eiendom in Eldoret-omgewing afgebrand is, en lidmate moes vlug.

Besluit: Kennis geneem van 2.3.1 tot 2.3.2.3.

2.3.3 Aanbevelings

2.3.3.1 Die Sinode konstateer sy dankbaarheid oor die ekumeniese eenheid met die GKN(V), waarin eenheid ten opsigte van leer, diens en tug tot uiting kom.

2.3.3.2 Hierdie eenheid word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van Deputate en praktiese samewerking waar dit moontlik is.

2.3.3.3 Kontinuerende samesprekings moet gevoer word om verder uit te werk watter praktiese inhoud – en op watter terreine – aan die begrip ekumeniese eenheid tussen die twee kerkgemeenskappe gegee moet word, bv tov samewerking waar beide kerkgemeenskappe betrokke is soos in Sri Lanka.

Besluit: Goedgekeur. Moontlikhede vir 2.3.3.3 se praktiese inhoud is om vraagstukke wat die Sinode behandel, met hulle gesprek te voer, en om moontlik betrokke te raak by hul binnelandse verhoudinge in Nederland tussen kerke. Op hierdie manier sal ons ervaring met verhoudings met binnelandse kerke met hul gedeel word.

Kerkgemeenskappe in Ekumeniese Kontak

2.4 *Protestantse Kerken Nederland (PKN)*

2.4.1 Opdrag

Kontak met die PKN word deur die Deputate verder gevoer (Acta, 2006:222, 3.6.3).

2.4.2 Uitvoering van opdrag

Na herhaaldelike pogings om elektronies kontak te maak is geen antwoord van die sentrale kantoor van die PKN ontvang nie.

Besluit: Kennis geneem van 2.4.1 en 2.4.2.

2.4.3 Aanbeveling

Pogings om verkennend kontak met die PKN te maak, word steeds deur die Deputate voortgesit.

Besluit: Goedgekeur – wysiging is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

3. Res van Europa

Deputate verantwoordelik: dr CJ Smit (s) en proff A le R du Plooy en FP Viljoen.

3.1 *Spanje*

3.1.1 Opdrag

Die Deputate kry opdrag om ondersoek in te stel na en kontak te maak met nuutgestigte/nuutontstane kerke in Europa (Acta, 2006:218, 3.1.1).

3.1.2 Uitvoering van opdrag

3.1.2.1 Prof A le R du Plooy het in November 2007 op koste van die Fakulteit teologie, besoek afgelê by die Teologiese Skool te El Escorial, noord van Madrid in Spanje.

Ds Manie Taute, tans sendeling van die NG Kerk in Portugal (vroeër van Hefsiba in Mosambiek) het hom in kontak gebring met ds Sergio Rossell (en sy Afrikaanse vrou, Annette) wat daar werksaam is en 'n nagraadse student van UP (prof Stephan Joubert) is.

3.1.2.2 Die Teologiese Skool te El Escorial is onder beheer van die Gereformeerde Kerke en van die Baptiste Kerke in Spanje. Albei groepe het kragte saamgesnoer om verantwoordelikheid vir die teologiese opleiding te aanvaar.

3.1.2.3 Daar is min Gereformeerde Kerke in Spanje, en benewens hierdie groep wat betrokke is, bestaan daar nog 'n kleiner groep wat verteenwoordig was op die ICRC wat in Oktober 2005 in Pretoria vergader het. Volgens die getuienis van die broeders by El Escorial is daardie groep uiters klein in getal en besig om te disintegreer.

3.1.2.4 Gereformeerdes met wie kontak gemaak is, is dankbaar daarvoor en sou graag gebruik wou maak van die GKSA se teologiese literatuur. As gevolg van die taalverskil is dit prakties moeilik haalbaar.

Besluit: Kennis geneem van 3.1.1 tot 3.1.2.4.

3.1.3 Aanbevelings

3.1.3.1 Dat kennis geneem word van die bestaan van die Gereformeerde (en Baptiste) Teologiese Skool en enkele Gereformeerde Kerke in Spanje te El Escorial, wat onder moeilike omstandighede funksioneer.

3.1.3.2 Dat die Deputate kontak uitbou met die Gereformeerde Kerke in Spanje, en dat hulle vasstel wat die huidige situasie is met die kleiner groepering van Gereformeerdes in Spanje wat op die ICRC verteenwoordig is.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 *Frankryk*

3.2.1 Opdrag

Die Deputate kry opdrag om ondersoek in te stel na en kontak te maak met nuutgestigte/nuutontstane kerke in Europa (Acta, 2006:218, 3.1.1).

3.2.2 Uitvoering van opdrag

3.2.2.1 Proff A le R du Plooy en FP Viljoen het kontak gemaak met die teologiese opleidingsinstansie van die Gereformeerde Kerke in Frankryk(Aux-en-Provence).

3.2.2.2 Die samesprekinge met die Gereformeerde Kerk Frankryk het gehandel oor teologiese opleiding, die interne kerklike verhoudinge daar en veral oor die uitbouing van kerklike verhoudinge met die GKSA. Hierdie kontak was positief en behoort, waar moontlik, verder uitgebou te word.

Besluit: Kennis geneem van 3.2.1 tot 3.2.2.2.

3.2.3 Aanbeveling

Die Deputate bou, waar moontlik, kontak met die Franse Gereformeerde kerke verder uit.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 *Reformed Presbyterian Church of Central and Eastern Europe (RPCCEE) en Karolyi Gaspar Institute or Theology and Missions (KGITM) – Hongarye*

3.3.1 Opdrag

Die ekumeniese kontak wat tot stand gekom het, word waar dit prakties moontlik is, voortgesit (Acta, 2006:222, 3.7.3).

3.3.2 Uitvoering van opdrag

3.3.2.1 Prof Du Plooy het op uitnodiging van prof Peter Balla van die Teologiese Skool in Boedapest ’n besoek aan gebring en gaskolleges waar geneem.

3.3.2.2 Van die geleentheid is ook gebruik gemaak om kerklike kontak met die opleidingsentrum, wat aan die Gereformeerde Kerk in Hongarye behoort, te bestendig.

Besluit: Kennis geneem van 3.3.1 tot 3.3.2.2.

3.3.3 Aanbeveling

Die Deputate bou, waar moontlik, kontak met die Gereformeerde kerke in Hongarye verder uit.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 *Algemene aanbeveling oor kerke in die res van Europa*

Omdat daar Gereformeerde Kerke is in ander Europese lande soos Tsjeggië, Duitsland, Switserland, Oostenryk, ens, met wie die GKSA geen bande het nie, en ter wille van bediening aan Gereformeerde lidmate uit Suid-Afrika wat in hierdie lande woon, kry die Deputate opdrag om toenemende kontak met Gereformeerde Kerke in hierdie wêrelddele te maak.

Besluit: Goedgekeur met byvoeging: "Deputate kan meer kontak met Oos-Europese kerke opneem, deur die Nederlandse kerke wat reeds kontak met hierdie kerke het".

4. Ooste

Deputate verantwoordelik: ds BCG Fourie (s) en prof CFC Coetzee.

Kerkgemeenskappe in Ekumeniese Eenheid

4.1 *Presbyterian Church of Korea (Kosin) PCK(K)*

4.1.1 Opdrag

4.1.1.1 Die eenheid met die PCK(K) word onderhou en verder uitgebou deur besoeke van afgevaardigdes waar dit moontlik is.

4.1.1.2 Die Deputate ontvang opdrag om ekumeniese kontak op te neem met die Koreaanse gemeente in Johannesburg (Acta, 2006:198, 133).

4.1.2 Uitvoering van opdrag

4.1.2.1 Prof CFC Coetzee en ds BCG Fourie het 'n besoek aan die betrokke Deputate van die PCK(K) gebring.

4.1.2.2 Die Nasionale Sinode van die Kosinkerke het by die Teologiese Skool naby Seoul vergader. Altesaam 510 afgevaardigdes van die verskeie Klassisse het die sitting bygewoon. 'n Groeteboodskap is aan die kerke gebring in Engels terwyl die Koreaanse vertaling daarvan op die vertoonskerm verskyn het. Dr Paul Bae het op die boodskap met wedersydse dank en waardering reageer. Die meeste sake op die vergadering was huishoudelik van aard en geen kontensieuse sake het op die vergadering gedien nie.

4.1.2.3 Op uitnodiging van dr Bae is ons geakkommodeer in luukse verblyf in Pusan, die geboortestad van die Kosinkerke. Daar was geleentheid om die Woord te bedien in 'n plaaslike gemeente. Daar is ook besoek gebring aan die Kosin Universiteit wat onder trusteeskap van die kerke staan. Dit is 'n volwaardige Christelike Universiteit. Daar het prof Coetzee die oordenking gelei. Die huidige rektor van die Universiteit is 'n oudstudent van die Fakulteit Opvoedkunde aan die PU, wat tydens ons besoek juis in die RSA was. Die besoek aan die Kosin Hospitaal was indrukwekkend. Die hospitaal staan ook onder trusteeskap van die kerke en volledige mediese sorg word daar gebied, asook opleiding van mediese dokters.

4.1.2.4 Dit gaan opvallend goed met die kerke in Korea. Daar is welwillendheid, hartlike meelewing en offervaardigheid merkbaar onder die lidmate. Die kerkgeboue en ander kerkfasiliteite is 'n weerspieëling hiervan. Ruim voorsiening word in die kerke vir kinders van alle leeftydsgroepe gemaak. Daar word in al die kerke daaglikse gebedsgeleenthede onderhou. Sondae word minstens drie eredienste en 'n gemeente-ete gehou. Die groei van lidmaatgetalle is steeds waarneembaar, maar nie so hoog soos in die verlede nie.

4.1.2.5 Die Koreaanse kerke neem hulle sendingverantwoordelikheid ernstig op. Daar is kapelaansdiensgroepe in al die segmente van die weermag op koste van die kerke. Voorts is daar tans 290 sendelinge van die Koreaanse kerke wêreldwyd aktief. Die plaaslike gemeentes is oral sterk missionêr gefokus. In Suid-Afrika is

daar veral Koreaanse studente werksaam in die omgewing van Verena, Middelburg en Witbank. Die sendelinge word mildelik uit Korea ondersteun, ook deur besoekers en die afgevaardigdes van die Kosin Hospitaal. Nadere kontak met die sendelinge is wenslik. Die kerke veral, in Pusan, is in voortdurende kontak met die leiers van die ondergrondse protestantse kerke in Sjina. Daar word biddend met hulle meegeleef en toerusting en opleiding word aan hulle gebied.

4.1.2.6 Dit is opvallend dat die teologiese studente van Kosin al hoe minder by die teologiese skool in Potchefstroom kom studeer.

Besluit: Kennis geneem van 4.1.1 tot 4.1.2.6.

4.1.3 Aanbevelings

4.1.3.1 Ekumeniese eenheid met die PCK (Kosin) word herbevestig en uitgebou.

4.1.3.2 Die aktiwiteite van die Koreaanse sendelinge word onder die aandag van die plaaslike kerke gebring en kry doelbewuste aandag onder die Deputate se opdrag oor sendingkoördinering. Volgens mededeling tree die PCK soms baie independentisties op, aangesien die GKSA aanvanklik gebruik word vir hulp met sendingwerk, en later word eie kerk gestig. Die gevolg is dat daar kerke in Suid-Afrika bestaan sonder enige kerkverband met die GKSA. Daarom word dit nodig geag dat die koördinering aandag kry. Die PCK moet genader word in hierdie verband, en hierdie betrokke saak moet deur skakeling met plaaslike kerke, asook kerke in Korea uitgeklaar word. Sodoende sal die eenheid van kerke tot sy reg kom sodat die van die vrug van die sendingwerk in SA ingeskakel word.

4.1.3.3 Die bediening van die Kosinkerke in China en omliggende lande word biddend opgedra en berig daaroor word diskreet in *Die Kerkblad* gegee.

4.1.3.4 Die kerke in Bloemfontein en Midrand kry aandag met die oog op toevoeging tot die GKSA-kerkverband en uitbou van werksaamhede.

4.1.3.5 Die Deputate kry opdrag om besonderlik aandag te geen aan die feit dat Koreaanse teologiese studente al hoe minder in Potchefstroom kom studeer. Die aangeleentheid moet in samewerking met die Teologiese Skool hanteer word. Verder moet aanbeveel dat kontak opgeneem word met oud-studente, sodat voornemende studente gemotiveer kan word om aan die TSP te studeer.

Besluit: Goedgekeur – byvoegings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

4.2 *Reformed Church Japan (RCJ)*

4.2.1 Opdrag

Die Sinode besluit dat die eenheidsband deur gereelde besoeke verder uitgebou word (Acta, 2006:199, 1.4.3.2).

4.2.2 Uitvoering van opdrag

4.2.2.1 Groete is oorgedra aan die kerke in Japan, ook namens die Kosin-kerke in Suid-Korea. Die vergadering is bygewoon deur die Deputate en deur proff Yasonori Ichikawa, Nobunari Makino, di Yasohiro Hakamata (Sonada) en Ken Iwasaki (Shinko) van die RCJ.

4.2.2.2 Ekumeniese eenheid van die GKSA se kant is herbevestig. Ons weergawe van die konsentriese ekumeniese kontak is aan hulle gebied, waarvolgens ons in volledige ekumeniese eenheid met die kerke in Japan leef. Die RCJ is, ten spyte van die naam *Reformed*, ’n Presbiteriaanse kerk. Hulle het ook ’n drievoudige konsentriese benadering waarvolgens ons in hulle tweede kring met hulle bande het (vgl 5). Hulle nouste band word genoem: *Mission co-operation* waar hulle bande handhaaf met die OPC, PCUSA, Kosinkerke, NGKSA en NHKA. Hulle tweede kring word *fraternal relations* genoem, waar idees uitgeruil word, sekere gesamentlike sake hanteer word en gesamentlike vergaderings gehou word. Op hierdie vlak het hulle bande met die GKSA, CGKN, CRC in die Filippyne, NedlGK en GKN(V). In die derde kring is *contact correspondence* waar kontak met oa die CRC Myanmar onderhou word.

4.2.2.3 Die Teologiese Skool in Kobe word tans beman deur slegs 2 voltydse professore en die res van die klasse word aangebied deur verskeie predikante in die

kerkverband. Die fasiliteite is hoogstaande. Daar word gefokus op die behoefte van die studente. Die biblioteek is toegerus met 35 000 volumes en ook hulle Calvyn Instituut het verteenwoordigende bronne. Internet is beskikbaar vir elkeen van die 26 studente.

4.2.2.4 Die RCJ is missionêr aktief in Indonesië waar een sendeling werk. Met minder as een persent Christene in 'n land met 'n bevolking honderd en twintig miljoen mense is Japan egter self 'n sendingveld. Die kerke is meestal klein en die kultuur van die Japannese bemoeilik evangelisering. Die Japanners is baie privaat en sal niks doen om oppervlakkige vrede of ewewig te versteur nie. Morele standaarde is egter laag. Die selfmoordpersentasie en die egskeidingsyfer is besonder hoog, terwyl homoseksualiteit steeds meer voorkom.

Besluit: Kennis geneem van 4.2.1 tot 4.2.2.4.

4.2.3 Aanbeveling

4.2.3.1 Ekumeniese eenheid met die RCJ word herbevestig en uitgebou.

4.2.3.2 Die betekenis wat die GKSA aan ekumeniese eenheid heg moet verder met die Deputate van die RCJ deurgepraat word om eenstemmigheid hieroor te verkry.

4.2.3.3 Die moontlikheid van samewerking op die vlak van sending en teologiese opleiding moet ondersoek word.

4.2.3.4 Die Deputate gee aandag aan moontlike inskakeling by die "Mission Coperation" wat die ACJ met die NGKerk (Sinode OVS) het. (Inligting hieroor is beskikbaar in Bylae.)

Besluit: Goedgekeur.

Kerkgemeenskappe in Ekumeniese Kontak

4.3 *Sri Lanka (LRC)*

4.3.1 Opdrag

Die Deputate monitor die situasie en verdere ontwikkeling en daar word by die volgende Sinode weer hieroor gerapporteer (Acta, 2006:218, 3.2.3).

4.3.2 Uitvoering van opdrag

4.3.2.1 Die LRC het baie verklein en die lidmaattal is onseker.

4.3.2.2 Daar is 'n geslaagde projek van stapel gestuur, naamlik om 'n Christelike privaatskool te vestig. Daar is 'n groot behoefte aan onderwysers vir die skool.

4.3.2.3 Drie voornemende kandidate vir telematiese teologiese studie het inskrywingsvorms voltooi en aangestuur. Dit is na die TSP verwys vir opvolgaksie.

4.3.2.4 'n Besoek vir 2008 is in die vooruitsig gestel, maar kon vanweë die koste aspek nie realiseer nie.

Besluit: Kennis geneem van 4.3.1 tot 4.3.2.4.

4.3.3 Aanbevelings

4.3.3.1 Die Deputate ondersoek moontlikhede van samewerking met die GKN(V) tov gesamentlike betrokkenheid by die LRC.

4.3.3.2 Die Deputate moet kontak met die LRC uitbou deur waar moontlik besoeke ter plaatse, te bring.

Besluit: Goedgekeur.

4.4 *Indonesië*

4.4.1 Opdrag

4.4.1.1 Nouer bande word met die kerke in Wes-Timor deur opvolgbesoeke nagestreef.

4.4.1.2 Die kerke en individuele Christene in Indonesië wat onder verdrukking ly, word opgedra aan die genadetroon van die Here.

4.4.1.3 Verdere ekumeniese kontak met die Gereformeerde Kerke van Java word gemaak met die oog op ekumeniese bande.

4.4.1.4 Die Deputate stuur een of meer afgevaardigdes om die ekumeniese kontak uit te bou en te kyk hoe die GKSA en die kerke in Indonesië, veral wat opleiding betref, kan saamwerk (Acta, 2006:220, 3.3.3).

4.4.2 Uitvoering van opdrag

4.4.2.1 'n Formele versoek om erkenning van ekumeniese eenheid is van die Gereformeerde Kerke in Wes-Timor ontvang.

4.4.2.2 Die besoek wat vir 2008 in die vooruitsig gestel was (om saam te val met 'n besoek aan Sri Lanka) kon weens die koste aspek nie realiseer nie.

4.4.2.3 Die kerke in Java onderhou ekumeniese kontak met verskeie kerkgemeenskappe binne die REC.

Besluit: Kennis geneem van 4.4.1 tot 4.4.2.3.

4.4.3 Aanbevelings

4.4.3.1 Die Deputate stel ondersoek in na die erkenning van ekumeniese eenheid met die Gereformeerde Kerke in Wes-Timor. Hiervoor moet eenheid van die leer, diens en tug met die Gereformeerde Kerke in Wes-Timor ondersoek word.

4.4.3.2 Die Deputate moet saam met die TSP die moontlikheid van samewerking ten opsigte van teologiese opleiding in Java ondersoek.

4.4.3.3 Die samewerking van kerkgemeenskappe met wie die GKSA ekumeniese eenheid onderhou, moet ter wille van betrokkenheid by die kerke in Indonesië, verkry word (kyk 4.3.3.1). Kontak in hierdie verband moet ook opgeneem word met die Gereformeerde Kerke in Australië en Nederland, omdat hierdie lande noue verbintenisse met Indonesië het vanweë geografiese en historiese redes.

Besluit: Goedgekeur – byvoegings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

4.5 *First Evangelical Presbyterian Reformed Church in Singapore (FEPRCS)*

4.5.1 Opdrag

4.5.1.1 Daar word opdrag aan die Deputate gegee om ondersoek in te stel na ekumeniese kontak met die FEPRC in Singapoer.

4.5.1.2 Die Deputate moet ook kontak maak met die PRCA met wie die FEPRC noue bande het (Acta, 2006:222, 3.5.3).

4.5.2 Uitvoering van opdrag

4.5.2.1 Geen besoek kon vanweë die koste aspek gedoen word nie.

4.5.2.2 Die behoefte bestaan om Afrikaanssprekendes daar te akkommodeer.

Besluit: Kennis geneem van 4.5.1 tot 4.5.2.2.

4.5.3 Aanbevelings

4.5.3.1 In die lig van die betrokkenheid van die GKSA by die FEPRC moet die Deputate kontak maak met die PRCA (vgl Acta, 2006:222, 3.5.3).

4.5.3.2 Daar moet ondersoek word of 'n behoefte vir kerklike bediening onder Gereformeerdes in Singapoer bestaan.

4.5.3.3 Die Deputate poog om die samewerking van die Kommissie vir Buitelandse Bediening te verkry vir die uitvoering van die opdrag tov Gereformeerdes in Singapoer.

Besluit: Goedgekeur.

4.6 *Indië*

4.6.1 Aanbeveling

Die Deputate ondersoek die moontlikheid om met Gereformeerde kerke die kontak te maak.

Besluit: Goedgekeur.

5. Australasië

Deputate verantwoordelik: *Australië*: ds ASA de Bruyn (s) en dr HG Stoker; *Nieu Zeeland*: dr HG Stoker (s) en ds ASA de Bruyn.

Kerkgemeenskappe in Ekumeniese Eenheid

5.1 *Christian Reformed Churches of Australia (CRCA)*

5.1.1 Opdrag

5.1.1.1 Die eenheid met die CRCA word onderhou en verder uitgebou deur kontak en besoek van afgevaardigdes waar dit moontlik is.

5.1.1.2 Afgevaardigdes woon die Sinode van die CRCA gedurende Mei 2006 by.

5.1.1.3 Die Sinode gee aan die Deputate Ekumenisiteit: Buitelands opdrag om onder meer as deel van die Interkerklike Kommissie vir die bediening van Afrikaners in die buiteland ekumeniese kontak met Afrikaanse kerke in Australië op te bou (Acta, 2006:200, 1.5.3).

5.1.2 Uitvoering van opdrag

5.1.2.1 Dr J le Roux het die Sinode van die CRCA gedurende Mei 2006 in Brisbane bygewoon. Gedurende die besoek is 'n gesprek met prof Murray Capil gevoer oor Christelike wetenskapsbeoefening.

5.1.2.2 'n Skrywe is ontvang vanaf die Presbyterian Church of Western Australia waarin die behoefte gestel is vir nouer samewerking met die GKSA met die oog op die bediening van Afrikaanssprekendes in Perth. Na die skrywe het ds Stuart Bonnington van die PCWA Suid-Afrika in Julie 2007 in opdrag van die PCWA besoek en gesprekke met die Deputate gevoer. Uit die gesprekke het geblyk dat die PCWA baie gemeenskaplike gronde met die GKSA het en nouer met die GKSA wil saamwerk – tipies op die wyse waarop ons in ekumeniese eenheid met kerke oor die wêreld werk. Die PCWA het egter geen ekumeniese eenheidsbande met ander kerke nie. Die General Assembly van die Presbyterian Church of Australia(PCA) het in September 2007 'n mosie aanvaar waardeur kontak met die GKSA bewerkstellig moet word met die doel om 'n “inter-church relationship” te ontwikkel en om maniere te ondersoek waarin die Presbyterian Church of Australia behulpsaam kan wees met die toenemende aantal Afrikaanse mense wat na Australië emigreer. Ds RJ van der Klashorst van die Gereformeerde Kerk Elandspoort het na die gesprekke 'n beroep ontvang en aanvaar vanuit die PCWA met die oog op die bediening van Afrikaanssprekendes daar.

5.1.2.3 Ds ASA de Bruyn het, nadat hy die Sinode van die RCNZ in September 2008 bygewoon het, kontak gemaak met verteenwoordigers van die Perth Afrikaanse Reformed Church (PARC). Hulle het die wens uitgespreek vir noue samewerking met die GKSA met die versoek dat lidmate van die GKSA wat na Perth verhuis, van hulle bestaan in kennis gestel sal word en dat die GKSA gemeentes PARC in kennis sal stel van lidmate wat daarheen verhuis.

Besluit: Kennis geneem van 5.1.1 tot 5.1.2.3.

5.1.3 Aanbevelings

5.1.3.1 Dat die GKSA se eenheid met die CRCA herbevestig en verder uitgebou word onder andere deur samewerking op verskeie terreine en die bywoning van en insette tydens Sinodes.

5.1.3.2 Dat verdere gesprekke gevoer word met die PCWA en die res van die PCA met die oog op die erkenning van ekumeniese eenheid.

5.1.3.3 Dat CRCA geken word in die voortgesette samesprekings tussen die GKSA en die PCA.

5.1.3.4 Dat samesprekings gevoer word met PARC [Pert Afrikaanse Reformed Church) op grond van hulle versoek in die verband.

Besluit: Goedgekeur – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

5.2 *Reformed Churches of New Zealand (RCNZ)*

5.2.1 Opdrag

5.2.1.1 Die Sinode gee opdrag aan die Deputate Ekumenisiteit: Buitelands om die RCNZ sover moontlik behulpsaam te wees met die uitreik na en inskakeling van oud Suid-Afrikaners in Nieu Zeeland.

5.2.1.2 Die Sinode besluit dat die Deputate weer na die volgende Sinode van die RCNZ sal afvaardig.

5.2.1.3 Die Sinode gee aan die Deputate opdrag om onder meer as deel van die Interkerklike Kommissie vir die bediening van Afrikaners in die buiteland ekumeniese kontak met die Afrikaanse Christelike Kerke in Nieu Zeeland te hou (Acta, 2006:202, 1.6.3).

5.2.2 Uitvoering van opdrag

5.2.2.1 Heelwat werk en is die afgelope termyn gedoen ten opsigte van die samewerking, ondersteuning en inskakeling van oud Suid-Afrikaners in die kerke in Nieu Zeeland. Die RCNZ het ook 'n afgevaardigde gestuur na die gesprek van die GTV in Potchefstroom oor Vrou en die Amp.

5.2.2.2 Ds ASA de Bruyn het die Sinode van die RCNZ in September 2008 bygewoon en groete namens die GKSA oorgedra. In die groeteboodskap en in gesprekke tydens die Sinode het hy dit duidelik gemaak dat die bande met die RCNZ vir die GKSA belangrik is met die oog op die uitreik na en inskakeling van oud lidmate van die GKSA by die RCNZ. Die RCNZ het hulle steeds bereid verklaar om behulpsaam te wees met die inskakeling. Die RCNZ het ook besluit om 'n afgevaardigde na die volgende Sinode van die GKSA te stuur.

5.2.2.3 Tydens die besoek aan Nieu Zeeland, het ds De Bruyn ook die jaarvergadering van die Afrikaanse Christelike Kerk (ACK) bygewoon en groete van die GKSA oorgedra. 'n Beroep is op die ACK gedoen om ekumeniese eenheid met RCNZ na te streef.

Besluit: Kennis geneem van 5.2.1 tot 5.2.2.3.

5.2.3 Aanbevelings

5.2.3.1 Dat die GKSA se eenheid met die RCNZ herbevestig en verder uitgebou word.

5.2.3.2 Die Sinode gee opdrag aan die Deputate om die RCNZ sover moontlik behulpsaam te wees met die uitreik na en inskakeling van oud Suid-Afrikaners in Nieu Zeeland.

5.2.3.3 Die Sinode gee aan die Deputate opdrag om onder meer as deel van die Interkerklike Kommissie vir die bediening van Afrikaners in die buiteland ekumeniese kontak met die Afrikaanse Christelike Kerke in Nieu Zeeland te hou.

Besluit: Goedgekeur.

6. Skotland en Engeland

Deputate verantwoordelik: dr DG Breed (s), prof A le R du Plooy, di BCG Fourie en TF Dreyer.

Kerkgemeenskappe in Ekumeniese Eenheid

6.1 *Free Church of Scotland (FCS)*

6.1.1 Opdrag

In die lig van die bestaan van die twee kerkgemeenskappe en 1.7.2.3 (Rapport 2006) word aan die Deputate opdrag gegee om indringende gesprekke met die kerke te voer en ter saaklike dokumente na te gaan en die Sinode te adviseer oor toekomstige ekumeniese verhoudinge (Acta, 2006:203,1.7.3).

6.1.2 Uitvoering van opdrag

6.1.2.1 Die General Assembly van die FCS het op 20-22 Mei 2008 in Edinburgh Scotland plaasgevind. Met die oog op sowel die bywoning van die betrokke General Assembly as die gesprek oor die kerklike bediening van veral Suid-Afrikaanse lidmate (saam met die FCS gemeentes in Londen, nl LCPC en Cobham), het die volgende lede van die Deputate die Sinode in Edinburgh en in die samesprekings in Londen bygewoon: prof A le R du Plooy, drr DG Breed en CJ Smit (wat buitendien die volgende week ook in Nederland moes wees vir die Sinode van die GKN(V)); verder was teenwoordig dr G Breed van Randburg en ds HK de Kock wat deur Randburg volgens KO, art 7 na Londen gestuur is vir bediening.

6.1.2.2 Die aspekte rondom die knelpunte in Londen, soos verder in die Rapport oor die situasie in Londen aangedui is, is tot bevrediging met die betrokke Kommissie tydens die General Assembly bespreek.

6.1.2.3 Groete van die GKSA is deur prof Du Plooy oorgedra.

Besluit: Kennis geneem van 6.1.1 tot 6.1.2.3.

6.1.3 Aanbevelings

6.1.3.1 Dat die eenheid met die FCS bevestig en verder uitgebou word deur kontak en besoek van afgevaardigdes wanneer dit moontlik is.

6.1.3.2 Dat die Deputate opdrag ontvang om veral die betekenis van "korrespondensie", soos dit onderskeidelik deur die GKSA en die FCS verstaan word, indringend te bespreek om daaroor tot 'n vergelyk te kom.

Besluit: Goedgekeur.

6.2 *Free Church of Scotland (Continuing) (FCS(Cont))*

6.2.1 Opdrag

In die lig van die bestaan van die twee kerkgemeenskappe en 1.7.2.3 (Acta, 2006:203) word aan die Deputate opdrag gegee om indringende gesprekke met die kerke te voer en tersaaklike dokumente na te gaan en die Sinode te adviseer oor toekomstige ekumeniese verhoudinge (Acta, 2006:203,1.7.3), (Acta, 2006:203, 1.7.2.3 – Deputate van die FCS(Cont) het die ICRC as waarnemers bygewoon. Daar het ook ’n aansoek om lidmaatskap gedien. Die aansoek is egter nie deur die ICRC aanvaar nie om die volgende redes:

(a) Die voortslepende hofsake teen die FCS oor die naam en eiendom
(b) Die aard van die eise wat in die hofsake gestel word
(c) Die onwilligheid om te skik en die saak by te lê)

6.2.2 Uitvoering van opdrag

6.2.2.1 Die Deputate kon nie persoonlik die groeteboodskap aan die General Assembly van die FCS(C) oordra nie, en het dit daarom skriftelik gestuur. Die feit dat die Deputate die General Assembly van die FCS bygewoon het, daar betrokke was by struikelblokke en nuwe reëlings tov die bediening in Londen (soos aan gerapporteer), het tot gevolg gehad dat daar nie tyd en geleentheid was om die vergadering van die FCS(C), wat presies in dieselfde tydperk vergader het, te kon bywoon nie.

6.2.2.2 Inligting wat verkry is, en ook gepubliseer is in die agenda van die FCS se General Assembly, dui egter daarop dat die verhouding steeds besonder gespanne is.

Besluit: Kennis geneem van 6.2.1 tot 6.2.2.2.

6.2.3 Aanbevelings

6.2.3.1 Dat die verhouding met die FCS(C) soos voorheen gehandhaaf word.

6.2.3.2 Dat die ontwikkeling van die verhouding tussen die twee kerkgroepe waargeneem word, en dat die samesprekings voortgesit word.

Besluit: Goedgekeur.

6.3 *Londenbediening*

6.3.1 Opdrag

Hierdie opdrag kom daarop neer dat die Londenbediening voortgesit word. Een verpligte kollekte, vir drie jaar, word vir hierdie bediening afgestaan (Acta, 2006:210, 1.11.3).

6.3.2 Uitvoering van opdrag

6.3.2.1 Daar was die afgelope drie jaar gesonde ontwikkeling ten opsigte van die bediening in Londen. Die Gereformeerde Kerk Randburg en die Free Church of Scotland het ten nouste saamgewerk in hierdie bediening. Die Sendelingbedieningstrust (Gestig deur die Gereformeerde Kerke Rietvallei en Waterkloofrand) het ook weer in hierdie tydperk finansieel bygedra om hierdie bediening te ondersteun.

6.3.2.2 Daar was egter verskeie sake oor die bediening in Londen waaraan die Deputate aandag moes gee. Die feit dat die bediening in Londen as deel van die werk van die FCS plaasgevind het, het 'n kerkregtelike fundering ingehou, deurdat by 'n kerk-in- ekumeniese-eenheid aansluiting gevind kon word vir bediening van GKSA-lidmate wat na Londen verhuis.. Sodoende is die eenheid van die kerkverband met die FCS ook beduidend uitgebou. Sonder die finansiële inset van die FCS sou die bediening in Londen ook nie kon vorder nie. Die Deputate moes egter met die FCS oor die volgende sake gesprek voer, en saam besluite neem:

(i) Die gebruik van musiekbegeleiding (bv van ’n orrel of enige ander musiekinstrument) in die erediens

Die feit dat die FCS geen musiekinstrumente in die eredienste mag gebruik nie, is vir lidmate van die GKSA (veral die jongmense) vreemd. Sommige jongmense het deel geword van die gemeentes daar en aangepas by die sang ten spyte van die standpunt oor musiekinstrumente. Daar is egter ook lidmate wat nie in die tradisie van die FCS staan nie, vir wie die gebruik/besluit vreemd en selfs onaanvaarbaar is. Die besluit oor die gebruik van musiekinstrumente het ten opsigte van ampsdraers ook 'n bepaalde effek, soos hieronder blyk.

(ii) Ds Kruger de Kock as predikant

Hoewel die ds De Kock in Londen by die FCS as predikant dien, is daar volgens besluite van die FCS beperkings op predikante wat nie by die Teologiese Skool van die FCS gestudeer het nie. Verder word dit van elke ampsdraer (dus ook predikante) vereis om 'n eed te neem met sy bevestiging dat hy nie van musiekinstrumente tydens eredienste sal gebruik maak nie. Hoewel daar binne die geledere van die FCS hieroor 'n mate van spanning ontstaan het, en sommiges meen dat die gebruik/besluit moet verval, is dit duidelik dat die saak nog 'n geruime tyd op die agenda van die General Assembly sal bly.

(iii) Bevestiging van ouderlinge en diakens

Hoewel daar heelwat lidmate vanaf die GKSA in die FCS is (waar ds De Kock gearbei het) wat as ouderlinge en diakens kon dien, kon hulle vanweë die bogenoemde besluit oor musiekinstrumente nie in hierdie dienste bevestig word nie. Die FCS vereis naamlik dat alle ampsdraers dieselfde oortuiging as die FCS aangaande musiekinstrumente in die erediens moet handhaaf. Die gevolglike tekort aan ouderlinge en diakens het die groei van die bediening in Londen gestrem.

6.3.2.3 Tydens die Deputate se samespreking met die betrokke Kommissie van die FCS, het dit duidelik geword dat die saak nie op kort termyn opgelos sal word nie. Dit het ook geblyk dat die FCS begrip het vir die probleem wat hulle standpunt vir die bediening in Londen onder veral Suid-Afrikaanse lidmate meebring.

6.3.2.4 Die Deputate het daarom met die betrokke Kommissie van die FCS se medewete en begrip op die volgende ooreengekom:

(i) Dit sal die beste wees as daar ’n Gereformeerde Kerk in Londen (GKL) tot stand kom (die FCS het ook in SA “Free Churches”, al is daar in dié gebiede reeds plaaslike gemeentes van die GKSA).

(ii) Dieselfde nou bande tussen die GKSA en die FCS sal ook deur die GKL met die FCS gehandhaaf word. Die FCS behoort te oordeel hoedanig die GKL by die betrokke Presbytery (die "klassis" in Londen) sal inskakel.

(iii) Ds De Kock word steeds deur die Gereformeerde Kerk Randburg gestuur om in Londen te dien.

(iv) Die Gereformeerde Kerk Randburg, die Gereformeerde Kerk in Londen en die Deputate besluit in ooreenstemming met die Kerkorde oor die verhouding van die GKL met die GKSA en in besonder met die Gereformeerde Kerk Randburg.

Besluit: Kennis geneem van 6.3.1 tot 6.3.2.4.

6.3.3 Aanbevelings

6.3.3.1 Dat die Sinode met dankbaarheid kennis neem van die totstandkoming van die GKL en die vrugbare bediening wat die afgelope drie jaar daar plaasgevind het.

6.3.3.2 Dat die Sinode weer een kollekte per jaar goedkeur ter ondersteuning van die bediening in Londen en dat die Deputate toesien dat hierdie fondse ten beste vir daardie bediening bestee word.

6.3.3.3 Dat die Deputate in samewerking met die Gereformeerde Kerk Randburg en die nuut gestigte GKL adviserend betrokke bly by die verdere ontwikkeling van die kerklike bediening in Londen, veral ten opsigte van die kerkregtelike implikasies wat die stigting van 'n nuwe kerk in Londen, asook die volgehoue voortsetting van ekumeniese eenheid met die FCS tot gevolg het.

Besluit: Goedgekeur.

7. Noord-Amerika en Kanada

Deputate verantwoordelik: dr DG Breed (s), prof A le R du Plooy.

Kerkgemeenskappe in Ekumeniese Eenheid

7.1 *Christian Reformed Churches North America (CRCNA)*

7.1.1 Opdrag

7.1.1.1 In die lig van die opdrag wat uitgevoer is, asook in die lig van 1.8.3 (Acta, 2006:205), besluit die Sinode om die bande van ekumeniese eenheid met die CRCNA te normaliseer deur aan die Deputate opdrag te gee om in die lig van die bevindings in 1.8.3 voort te gaan met gesprekvoering (Acta, 2006:204,205, 1.8.4).

Bevindings

In die uitvoering van die opdrag waartydens in terme van die besluite van Sinode 2003 gefokus is op aspekte wat kommer wek, het die afgevaardigdes tot die volgende bevindings gekom:

1.8.3.1 Die besluit dat die verhouding “on hold” geplaas is, is kortliks soos volg verduidelik:

(a) Dit beteken nie dat die verhouding opgeskort (suspension) is nie, maar op non-aktiwiteit geplaas is sodat en totdat minstens volledig(er) inligting oor kommerwekkende situasies verkry is.

(b) Dit is ook verduidelik dat hierdie besluit/optrede nie beskou moet word as ’n vorm van wraakneming (revenge) en ’n reaksie op die CRC se besluite om hul verhouding met die GKSA in die tagtigerjare op te skort nie.

7.1.1.2 Met die oog op die normalisering van die verhoudinge word dit aan die Deputate opgedra om eers 'n finale ondersoek te doen oor die getuienis aangaande die toepassing van die Gereformeerde Belydenis en kerkregeringsake, spesifiek rondom etiese en liturgiese sake.

7.1.1.3 Sinode Soutpansberg word versoek om 'n afskrif van die groeteboodskap van ds Liphadzi bewerings wat hy in die openbaar oor die GKSA gemaak het.

7.1.2 Uitvoering van opdrag

7.1.2.1 Prof A le R du Plooy en dr DG Breed het in Junie 2006 die Sinode van die Christian Reformed Churches of North America bygewoon. ’n Groeteboodskap vanaf die GKSA is deur prof Du Plooy aan die CRCNA oorgedra.

7.1.2.2 Prof Du Plooy en dr Breed is ruim geleentheid gebied om in die komitees van die Sinode aan die besprekings deel te neem. Die deelname in die komitees was veral toegespits op die verhouding van die CRCNA met PKN en op die "proposed revised Ecumenical Charter" van die CRCNA, die posisie van die vrou in die kerk, teologiese opleiding, verhoudinge met etniese groepe in die VSA en Kanada, asook etiese vraagstukke.

7.1.2.3 Tydens die Sinode kon die GKSA se afgevaardigdes ook gesprek voer met die CRCNA se Interchurch Relations Committee. Die volgende sake is met die komitee opgeneem:

(i) Die verhouding tussen die CRCNA en die GKSA en die rede waarom die GKSA die verhouding op "hold" geplaas het.

(ii) Die optrede van Soutpansberg se afgevaardigde tydens die Sinode van die CRCNA in 2004 waartydens die betrokke afgevaardigde in sy groeteboodskap 'n aanval op die GKSA gemaak het en dat daar geen geleentheid vir verweer was nie. Die Interchurch Relations Committee het op grond van die gesprek gereël dat die GKSA se afgevaardigdes in 2006 ná Soutpansberg aan die woord kom sodat daar geleentheid vir reaksie sou kon wees indien daar weer iets soortgelyks soos in 2004 gebeur. Ds S Nefefe, as afgevaardigde van Soutpansberg se Sinode, het egter ’n gewaardeerde bydrae gelewer.

(iii) Verskeie vrae is ook aan die Interchurch Relations Committee gevra aangaande sake soos die Skrifhantering by die CRCNA en die liturgie van sekere kerke van die CRCNA. Op al die vrae het die broeders openhartig en eerlik geantwoord. Die gespanne verhouding tussen die CRCNA en URCNA, en moontlike oorsake daarvan, is bespreek. Die broeders het telkens die versekering gegee dat daar by die kerke van die CRCNA erns gemaak word om aan God se Woord, die Belydenisskrifte en Gereformeerde kerkregering vas te hou.

7.1.2.4 Besluite wat tydens hierdie Sinode geneem is, getuig ook daarvan dat die kerke van die CRCNA erns maak met God se Woord, die Belydenisskrifte en Gereformeerde kerkregering. ’n Voorbeeld hiervan is die besluit wat betrekking het op die CRCNA se standpunt en optrede in verband met homoseksualiteit. Die First CRC Toronto gemeente het in 2002 ’n besluit geneem dat hulle nie negatief oordeel oor die saamleef van mense in ’n homoseksuele verhouding nie, en dat mense wat in so ‘n verhouding leef, ook in die ampte kan dien. Klassis Toronto het geëis dat First CRC Toronto tot berou en bekering kom, waarop die kerkraad negatief gereageer het. Die Klassis het die saak aanvanklik nie verder gevoer nie. Die CRCNA-Sinode van 2004 het die klassis gemaan om die saak dringend verder te voer. Die Sinode van 2005 het sterk standpunt ingeneem oor die saak en ’n komitee aangewys om te “determine if First CRC is in compliance with the guidelines of the reports on homosexuality of 1973 and 2002.” Hierdie “guidelines” is in 1973 deur die CRCNA aanvaar en weer in 2002 deur die Sinode bevestig. Dit bepaal onder andere dat “explicit homosexual practice must be condemned as incompatible with obedience to the will of God as revealed in Holy Scripture.” Tydens die Sinode van 2006 is gerapporteer dat First Toronto CRC, ná optrede deur die Klassis en die aangewese komitee, nie verder volhard het in die sondige weg wat hulle ingeslaan het nie. Die Sinode het hieroor die volgende besluit geneem:

> “[S]ynod affirm First Toronto CRC in their “resolve to acknowledge the CRC guidelines with respect to homosexuality as the current position of our denomination” and their agreement “to tailor its ministry accordingly,” and we encourage First Toronto CRC to diligently seek to understand and implement those guidelines in their ministry setting.”

7.1.2.5 Daar was tydens die Sinode ook geleentheid om gesprek te voer met Soutpansberg se afgevaardigde, ds Nfefe. Daar is aan hom uitgewys dat dit onvanpas was dat daar in 2004 in ’n groeteboodskap aan die CRCNA deur die afgevaardigde van Soutpansberg ’n aanval geloods is op die GKSA, wetende dat daar geen geleentheid sou wees vir repliek nie. Dit is ook aan hom uitgewys dat, ondanks talle versoeke, hierdie groeteboodskap nooit na die GKSA gestuur is nie. Daar is met ds Nfefe ooreengekom dat ons nie met die groeteboodskappe wat ons tydens die Sinode sou lewer, sake wat tussen die GKSA Potchefstroom en Soutpansberg onder bespreking is, sou aanraak nie. Die broeder het hom by die ooreenkoms gehou. Uit die gesprek met ds Nfefe was dit duidelik dat dit nie werklik

sin sou hê om verder te handel oor die negatiewe groeteboodskap wat tydens die CRCNA Sinode van 2004 gelewer is nie (vgl Acta, Sinode GKSA, 2006:203-205).

7.1.2.6 Omdat die Deputate nie na die Sinodes van die CRCNA in 2007 en 2008 afgevaardig het nie, is daar groeteboodskappe gestuur en is die Acta van die onderskeie Sinodes nagegaan. Die Deputate het in besonder aandag gegee aan besluite wat geneem is rakende die verhouding van die CRCNA met die PKN (die Protestantse Kerk in Nederland wat 'n vereniging is van die Nederlandsche Hervormde Kerk, die Gereformeerde Kerken in Nederland en die Evangelisch-Lutherse Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden). So het die Deputate ook aandag gegee aan die nuwe weergawe van "*Our World Belongs to God: A Contemporary Testimony"*, en ook aan besluite rakende die Heidelbergse Kategismus en die CRCNA se "*Form of Subscription".*

7.1.2.7 Die woord manlik (male) in die CRCNA se kerkorde, as vereiste vir die amp en as afgevaardigde na die Sinode, is weggelaat. Die besluit is met 'n meerderheid van 112 teenoor 70 geneem. Sedert die besluit in 1995, toe die bevestiging van vroulike predikante en ouderlinge na Klassisse verwys is as 'n opsie wat uitgeoefen kan word, het 26 van 47 Klassisse wel hierdie opsie uitgeoefen.

7.1.2.8 Nadat die Sinode van die CRC in 2000 'n opsomming van hulle studie oor die posisie van vrouens in die ampte gegee het, is daar nie nuwe grondige studies oor die saak gemaak nie. 'n Afskrif van hierdie oorsigtelike studie van 2000 word as Bylae 2 aangeheg. Ons indruk is dat die CRC hiermee gepoog het om te aanvaar dat die verskillende eksegetiese sieninge en standpunte oor die relevante Skrifgegewens geduld behoort te word, en sodanig geakkommodeer moet word dat die CRC nie verder skeur (soos in 1995) nie.

7.1.2.9 Sake wat tans in studie is, is byvoorbeeld die volgende:

(i) Werk aan 'n New Hymnal.

(ii) Opdatering van die Kerkorde.

(iii) Die Sinode van 2007 het besluit om nie 'n voorstel om kinders aan die Nagmaal te laat deelneem, te aanvaar nie. Daar is egter die volgende besluit geneem:"to deepen the integration of biblical teaching; confessional norms; church polity; and liturgical, educational, and pastoral practices in the CRC" mbt die deelname aan die Nagmaal en openbare Belydenis van geloof.

(iv) Volgens die REC News Exchange (vol 45,3, March 2008) is daar reeds in 2005 'n Studiekomitee benoem om 'n voorstel dat die Ondertekeningsformulier vir ampsdraers vervang kan word deur 'n sg Covenant of Ordination te bestudeer. Die Sinode van 2008 het nie die Rapport hieroor aanvaar nie, maar vir verdere studie verwys, en beplan om in 2011 weer daaraan aandag te gee.

(v) Die Sinode het besluit om die amp van "ministry associate" uit te brei sodat diegene in hierdie amp (wat meestal op grond van besondere gawes dien), naas die amp van predikant ook meer selfstandig en alleen kan werk, en onder bepaalde omstandighede beroep kan word.

7.1.2.10 Kennis is geneem van kritiese standpunte van Kerke (soos die OPC, URCNA en Kerke wat lede is van ekumeniese instellings soos NAPARC en die ICRC) teen die CRC. Die kritiek handel hoofsaaklik oor die CRC se besluite oor vroue in die kerk, oor homoseksualisme en inrigting van eredienste, waaroor ons Deputate herhaalde kere met die CRC in gesprek was, en vantevore daaroor gerapporteer het. Dit moet in ag geneem word dat die verhoudinge tussen byvoorbeeld die CRC en die URCNA uiters sensitief is, en dat beide besonder krities oor mekaar is.

7.1.2.11 Dit is duidelik dat daar by Gereformeerde Kerke in die wêreld elkeen 'n eie etos, 'n eie worsteling en 'n eie fokus gegee word op die kerklike praktyk. Daar is binne ekumeniese eenhede (tussen kerkgemeenskappe wat korrespondensie met mekaar onderhou) ook verskille en aksente wat anders as 'n ander Gereformeerde kerkgemeenskap s'n is. So is dit ook ten opsigte van die CRC en die GKSA. Na ons oortuiging val dit binne die ruimte wat ons eie Kerkorde (in art 85) bied.

Volgens getuienisse het plaaslike kerke in die CRC weliswaar soms ’n eiesoortige benadering en siening oor kerklike sake en praktyke wat nie noodwendig presies ooreenstem met standpunte en besluite van die CRC Sinodes nie. So-iets gebeur feitlik in alle kerkgemeenskappe, die GKSA ingesluit.

7.1.2.12 Dit is duidelik dat hoewel daar na ons oortuiging geen amptelike standpunte of besluite by die CRC bestaan wat ekumeniese eenheid met die GKSA verhinder nie, is dit moontlik wys om in die lig van die voorafgaande die reg van ’n colloquium te bepaal wanneer daar van beroeping van ’n predikant of professor sprake is.

7.1.2.13 Die gebruik van colloquia bestaan reeds by sekere kerkgemeenskappe met wie die GKSA in ekumeniese eenheid verkeer, soos by die Christelijke Gereformeerde Kerk in Nederland. Dit lyk dus of die reg tot 'n colloquium ook van toepassing gemaak behoort te word ten opsigte van alle kerke met wie ons in korrespondensie (ekumeniese eenheid) is.

Besluit: Kennis geneem van 7.1.1 tot 7.1.2.13.

7.1.3 Aanbevelings

7.1.3.1 Dat met dank kennis geneem word van die erns by die CRCNA om aan die Woord van God, die Belydenisskrifte en die Gereformeerde kerkregering vas te hou.

7.1.3.2 Dat die bande tussen die CRCNA en die GKSA gevolglik as genormaliseer beskou sal word, in ooreenstemming met die opdrag van die Sinode GKSA 2006 (vgl Acta: 205, 1.8.4.1 en 1.8.4.2).

7.1.3.3 Dat die eenheid met die CRCNA onderhou en verder uitgebou word deur kontak en besoeke waar moontlik.

7.1.3.4 Dat daar in die lig van die voorafgaande nie verder gehandel word oor die groeteboodskap van die afgevaardigde van Soutpansberg na die Sinode van die CRCNA van 2004 nie.

7.1.3.5 Dat die GKSA die reg van ’n colloquium uitoefen indien ’n kerk binne die GKSA (of die kuratorium van die TSP van die GKSA) van voorneme is om ’n predikant of professor vanuit 'n kerkgemeenskap met wie ons in ekumeniese eenheid staan, te beroep. Sodanige colloquium word opgedra aan die Senaat van die TSP onder leiding van die Kuratorium, op versoek van ’n bepaalde kerk.

7.1.3.6 Wanneer ’n plaaslike kerk ’n predikant uit kerkgemeenskappe met wie ons ekumeniese eenheid handhaaf, uitnooi tot die bediening van die Woord, moet dit gebeur nadat daar goeie getuienis oor die leer en lewe van sodanige predikant/professor verkry is, met inagneming van die besluite van die GKSA.

Besluit: Goedgekeur.

7.2 *Ortodox Presbyterian Church (OPC)*

7.2.1 Opdrag

Die inhoud van die nuut tot standgekome eenheid word verder deur die onderskeie kerkgemeenskappe se Deputate uitgewerk (Acta, 2006:214, 2.3.3).

7.2.2 Uitvoering van opdrag

7.2.2.1 Dr DG Breed het in Junie 2007 as "Freternal Delegate" van GKSA die General Assembly van die OPC bygewoon. Hy het tydens die Assembly die geleentheid ontvang om ’n groeteboodskap vanaf die GKSA te bring.

7.2.2.2 Daar is tydens die Assembly die geleentheid gebied om met twee van die komitees van die OPC gesprek te voer. Veral met die "Committee on Foreign Missions" is indringende gesprek gevoer oor die moontlikheid dat die OPC en kerke van die GKSA kan saamwerk op die sendingveld in SA. Daar is met die komitee ooreengekom dat die besonderhede van die gesprek aan betrokke kerke in SA gegee sal word met die versoek dat hulle 'n amptelike uitnodiging sal rig tot die "Committee on foreign Missions" om SA te besoek met die oog op moontlike samewerking.

7.2.2.3 Aan die “Committee for Inter-Church Relations” is die besluit van die GKSA oor die "neergedaal na die hel"-artikel van die belydenis beskikbaar gestel vir kommentaar.

7.2.2.4 Uit die Rapporte wat voor die Assembly gedien het en uit die besprekings en besluite tydens die Assembly, was dit duidelik dat die OPC vashou aan die Woord van God en daarna streef om in gehoorsaamheid aan die Here te leef.

Besluit: Kennis geneem van 7.2.1 tot 7.2.2.4.

7.2.3 Aanbeveling

Dat met dank kennis geneem word van die Skrifgetrouheid van die OPC, dat die ekumeniese eenheid tussen die GKSA herbevestig en uitgebou word deur kontak en besoeke waar moontlik, veral deur moontlike samewerking op die sendingveld.

Besluit: Goedgekeur.

Kerkgemeenskappe met Ekumeniese Bande

7.3 *United Reformed Church of North America (URCNA)*

7.3.1 Opdrag

7.3.1.1 Deputate word na die volgende Sinode van die URCNA gestuur.

7.3.1.2 Korrespondensie word die URCNA aangebied.

7.3.1.3 Kontak word gehou met die kerkgemeenskappe in NAPARC, onder andere deur kontak met die URCNA (Acta 2003:204).]

7.3.1.4 Kennis word geneem van die URCNA se besluite aangaande die GKSA.

7.3.1.5 Die Sinode spreek sy spyt uit dat die URCNA nie sy weg oop sien om met die GKSA in 'n verhouding van ''ecumenical fellowship'' te gaan nie.

7.3.1.6 Die Deputate rig 'n versoek dat die URCNA aandui hoe die GKSA se besluit oor vroue in die amp van diaken in stryd is met God se Woord.

7.3.1.7 Die Deputate rig 'n versoek tot die URCNA om aan te dui presies wat die ''decisions/developments'' is waarna hulle verwys (wat volgens hulle die vrede in die GKSA versteur) en dat hulle aandui of hulle oordeel dat die GKSA oor die ''decisions/developments'' vermaan moet word (Acta, 2006:216, 2.4.3).

7.3.2 Uitvoering van opdrag

7.3.2.1 Prof Du Plooy en dr DG Breed het die URCNA se komitee vir ekumeniese sake (CECCA) in Junie 2006 in Hamilton naby Toronto ontmoet. Die gesprek het gehandel oor die sluiting van kerklike bande tussen die GKSA en die URCNA. Ds Ray Sikkema het gestel dat hulle komitee oorweeg om ná die Sinode van die GKSA 2006 aan te beveel dat die URCNA die nouste bande (“Ecumenical Unity”) met die GKSA sluit. Hy beklemtoon egter dat die GKSA se bande met die CRCNA vir die URCNA 'n bron van groot kommer is en dat dit moontlik die aanbeveling tot nouer bande by hulle Sinode kan kelder. Daar is aan die broeders verduidelik dat die GKSA tot op hede nie in enige van die CRCNA se besluite en optrede iets gevind het wat die GKSA sou noodsaak om nie met ekumeniese bande voort te gaan nie.

7.3.2.2 Die broeders het ook hulle onrus uitgespreek oor die feit dat daar ná die GKSA Sinode 2006 'n aantal predikante op skrif aangedui het dat hulle sekere besluite van die Sinode nie aanvaar nie. Hulle wou weet wat die GKSA aan die saak gaan doen. Daar is aan hulle verduidelik hoe die saak kerkregtelik in die GKSA gehanteer word.

7.3.2.3 In Desember 2006 is ’n brief van ds Ray Sikkema ontvang waarin hy vra dat Deputate dringend die Deputate van die GKSA se besluite aangaande die CRCNA aan hulle sal stuur, aangesien hulle ’n belangrike vergadering het waartydens aanbevelings geformuleer sal word aangaande die URCNA se verhouding met die GKSA. Daar is aan die komitee ’n brief gestuur waarin duidelik gemaak is wat die bevindings was van die GKSA se afgevaardigdes na die CRCNA Sinode in 2006. Dit is beklemtoon dat die broeders wat die Sinode van die CRCNA bygewoon het, positief gerapporteer het oor die Sinode. Belangrike besluite van die CRCNA se Sinode (onder andere oor homoseksualisme) wat getrou volgens die Skrif geneem is, is in die brief uitgewys. In die brief is ook genoem dat daar tydens die Sinode indringende gesprekke met die CRCNA se Interchurch Relations Committee

gevoer is oor Skrifbeskoulike en liturgiese sake en dat daaroor ook positief gerapporteer kon word.

Na verskeie skriftelike kommunikasies het die URCNA se komitee vir ekumeniese sake (CECCA) besluit om op grond van die bande tussen die GKSA en die CRCNA nie aan te beveel dat nouer bande met die GKSA gesluit word nie. By die URCNA se 2007 Sinode in Schererville is gevolglik besluit dat die URCNA "Ecumenical contact" (Fase 1) met die GKSA behou en dat die URCNA "remain committed to establishing a Phase Two – Ecumenical Fellowship – relationship with the GKSA and look forward to the day that this can become reality."

Besluit: Kennis geneem van 7.3.1 tot 7.3.2.3.

7.3.3 Aanbevelings

7.3.3.1 Dat met droefheid kennis geneem word van die feit URCNA besluit het om nie op hierdie stadium ekumeniese eenheid met die GKSA te erken nie.

7.3.3.2 Dat, indien dit moontlik is, afgevaardigdes by 'n volgende Sinode van die URCNA die redes waarom die GKSA voortgaan met ekumeniese bande met die CRCNA, nader verduidelik. Dat die URCNA ook versoek word om in die lig van ons twee kerkgemeenskappe se eenheid in Christus hulle besluit om nie nouer bande met die GKSA te sluit nie, te heroorweeg.

Besluit: Goedgekeur – wysiging is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

7.4 *Reformed Church of US (RCUS)*

7.4.1 Opdrag

Ekumeniese bande word met die RCUS uitgebrei en ekumeniese eenheid word aan dié kerkgemeenskap gebied (Acta, 2006:217, 2.5.3.2).

7.4.2 Uitvoering van opdrag

7.4.2.1 Dr DG Breed het, nadat hy die General Assembly van die OPC in Sioux Centre bygewoon het, op Dinsdag 19 Junie 2007 in Sioux City die "Committee for Interchurch Relations" van die RCUS ontmoet. Daar is aan die komitee gevra waarom daar geen reaksie was vanaf die RCUS in verband met die uitnodiging tot ekumeniese eenheid wat reeds vroeër aan hulle gestuur is nie. Die komitee het verduidelik dat die RCUS as gevolg van verskeie redes nie baie positief daaroor is om formeel met ander kerke buite die VSA bande te sluit nie. Dit is aan die komitee verduidelik watter probleme dit veroorsaak wanneer twee kerke op dieselfde terrein in Suid-Afrika saamwerk en daar nie ekumeniese eenheid tussen die kerke is nie. Die broeders het te kenne gegee dat hulle die probleem insien en die skriftelike uitnodiging aan die RCUS tot ekumeniese eenheid met die GKSA is opnuut aan die broeders oorhandig. Hulle het onderneem om dit met 'n positiewe aanbeveling by die RCUS se volgende Sinode voor te lê.

7.4.2.2 In Julie 2008 het die "Committee for Interchurch Relations" laat weet dat hulle naas die inligting wat hulle reeds ontvang het, addisionele inligting aangaande die GKSA nodig het en dat die Sinode van die RCUS DV in 2009 sal besluit oor hulle bande met die GKSA. Die "addisionele inligting" is reeds gestuur.

Besluit: Kennis geneem van 7.4.1 tot 7.4.2.2.

7.4.3 Aanbeveling

Dat, indien die RCUS besluit om ekumeniese eenheid met die GKSA te erken, hierdie eenheid verder uitgebou word deur kontak en besoeke waar moontlik.

Besluit: Goedgekeur.

7.5 *Presbyterian Church America (PCA)*

7.5.1 Opdrag

7.5.1.1 Die Deputate bly op hoogte van die besluite en ontwikkelinge in die PCA, veral dmv kommunikasie met ds Theo van Blerk.

7.5.1.2 Die GKSA volstaan met die uitbouing van ekumeniese bande met die PCA (Acta, 2006:223, 3.8.3).

7.5.2 Uitvoering van opdrag

7.5.2.1 Die General Assembly van die PCA in Junie 2007 is deur dr Douw Breed as waarnemer bygewoon. In die tyd waarin hy teenwoordig was, is bespreking gevoer en besluite geneem oor die "New Perspective on Paul" en die "Federal Vision". Hierdie twee akademiese strominge het groot beroeringe binne die PCA veroorsaak aangesien dit 'n nuwe perspektief voorstaan op sake soos regverdigmaking, heiligmaking, die verbond en die volharding van gelowiges.
Dit was veral die onsekerheid oor hierdie sake in die PCA wat die GKSA se Deputate genoop het om tydens Sinode 2006 aan te beveel dat die GKSA nie voortgaan om nouer bande te sluit met die PCA nie. Die “General Assembly” van die PCA het egter met 'n groot meerderheid besluit dat die "New Perspective on Paul" en die "Federal Vision" in stryd is met die “Westminster Confession” en dat "Sessions and Presbyteries" dienooreenkomstig moet optree waar mense in die besondere dienste hierdie perspektiewe sou voorstaan.

7.5.2.2 Indringende gesprek is ook gevoer met die "Interchurch Relations Committee". Met betrekking tot die feit dat predikante sekere voorbehoude op die Belydenisskrifte mag hê met die ondertekening van die Ondertekeningsformulier, is die versekering gegee dat sulke voorbehoude alleen toegelaat word op sake wat nie die wese van die belydenis raak nie. Dit blyk dat hierdie sake veral te doen het met die geringe verskille tussen die NGB en die Westminster Confession.

7.5.2.3 Daar is ook met die komitee gesprek gevoer oor die moontlikheid van nouer bande tussen die GKSA en die PCA. Dit was duidelik dat die PCA nie bande sluit met ander kerke op die wyse waarop die GKSA dit doen nie. Die PCA aanvaar dat waar kerke aan dieselfde interkerklike organisasies behoort, die kerke hulle eenheid deur hierdie organisasies uitleef. Dr. Breed het aan die komitee die probleme wat agv hierdie verskil in sieninge ontstaan wanneer die PCA en die GKSA saamwerk, verduidelik. Predikante van die PCA wat in SA saam met die GKSA op die sendingveld werk, kan byvoorbeeld nie in van die GKSA kerke preek nie. Daar is ooreengekom dat die Deputate van die GKSA 'n voorstel sal formuleer hoe hierdie probleem opgelos kan word en dat vir oorweging aan die komitee van die PCA gestuur word.

7.5.2.4 Na aanleiding van die gesprek met die “Interchurch Relations Committee” en in die lig van die noue samewerking met die GKSA beveel die PCA se “Interchurch Relations Committee” by ‘n volgende “General Assembly” aan dat die PCA nouer bande met die GKSA sluit. Die “General Assembly” besluit in Junie 2008 dat daar op die “highest ... ecclesiatical judicatories”, naamlik “corresponding relations”, met die GKSA aangeknoop moet word.

Besluit: Kennis geneem van 7.5.1 tot 7.5.2.4.

7.5.3 Aanbevelings

7.5.3.1 Dat die Sinode met dank kennis neem van die besluit van die PCA om ekumeniese eenheid met die GKSA te erken.

7.5.3.2 Dat die Sinode in die lig van bogenoemde (7.5.2) besluit om ekumeniese eenheid met die PCA te erken.

7.5.3.3 Dat die eenheid met die PCA verder uitgebou word deur kontak en besoeke waar moontlik.

Besluit: Goedgekeur.

8. Suid-Amerika

Deputate verantwoordelik: ds BCG Fourie (s), drr CJ Smit en PJ Buys.

Kerkgemeenskappe in Ekumeniese Kontak

8.1 *Eglisea Reformanda Patagonië (ERP)*

8.1.1 Opdrag

Om kerklike kontak aan te gaan waar dit haalbaar is (kyk 1.3).

8.1.2 Uitvoering van opdrag

Elektroniese kontak is deur dr CJ Smit gemaak met die ERP wat tot stand gekom het na die Anglo-Boere Oorlog toe 'n aantal Afrikaners (waaronder heelwat Gereformeerdes) na Argentinië uitgewyk het. Weinig lidmate, ook van die heel oueres, kan nog Afrikaans praat en die meeste van die jongeres het met die verloop van tyd hulle by die Rooms Katolieke Kerk gevoeg. Die ERP gaan egter nog steeds voort as 'n Gereformeerde Kerk in Argentinië.

Besluit: Kennis geneem van 8.1.1 en 8.1.2.

8.1.3 Aanbeveling

Die Deputate kry opdrag om die kontak wat gemaak is verder uit te bou met die oog op die erkenning van ekumeniese bande.

Besluit: Goedgekeur.

9. Afrika

Deputate verantwoordelik: di IW Ferreira (s), HS Coetzee, S Hibbert, dr PJ Buys, di LAS Nel en CB Swanepoel.

Kerkgemeenskappe in Ekumeniese Eenheid

9.1 *Reformed Church Botswana (RCB)*

9.1.1 Opdrag

Die eenheid met die RCB word onderhou en verder uitgebou deur besoek van afgevaardigdes waar dit moontlik is (Acta 2006:207, 1.9.3; vgl Acta, 2003:185).

9.1.2 Uitvoering van opdrag

Sedert die GKSA se vorige Sinode het daar skynbaar nie weer ’n Sinode van die RCB nie. Die belewing van ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die RCB het hoofsaaklik plaasgevind by wyse van skakeling tussen die Botswana Sendingroep waarby verskeie van die GKSA kerke betrokke is.

Besluit: Kennis geneem van 9.1.1 en 9.1.2.

9.1.3 Aanbeveling

Die Deputate gee aandag aan die belewing van ekumeniese eenheid met die RCB. Die Deputate moet skakel met die kerke in die Sinode.

Besluit: Goedgekeur – wysiging is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

9.2 *Eglisee Reformee Confessante au Congo (ERCC)*

9.2.1 Opdrag

Die eenheid met die ERCC word deur verdere kontak en deur gereelde besoeke uitgebou (Acta, 2006:208, 1.10.3.2).

9.2.2 Uitvoering van opdrag

9.2.2.1 Di HS Coetzee en S Hibbert het die ERCC se Sinode in 2007 bygewoon waartydens ’n groeteboodskap oorgedra is. Afgevaardigdes van die Gereformeerde Kerken Nederland (Vrijgemaakt) was ook teenwoordig.

9.2.2.2 Beredenering: Die situasie in die Congo is soos volg: Die regering vereis van elke kerkgemeenskap om twee verteenwoordigers aan te wys om namens die kerk met die regering te skakel, veral wat buitelandse kerke wat sendingwerk doen betref. Die Nederlandse Gereformeerde Kerke (Vrijgemaakt) het sending werk gedoen, en die kerke gehelp. As gevolg van ’n verskil tussen hulle en die ERCC, is hulle toestemming deur die regering terug getrek om verder daar te werk. Dit het die kerke in ’n finansiële probleem gelaat. Daar is tans ’n verskil tussen die Sinode en die regering oor wie die verteenwoordigers moet wees.

Besluit: Kennis geneem van 9.2.1 tot 9.2.2.2.

9.2.3 Aanbevelings

9.2.3.1 Die Sinode konstateer met dankbaarheid die ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die ERCC en bou die eenheid uit deur kontak en besoeke waar dit

moontlik is, sonder om sustenterend op te tree terwyl hulle tog behulpsaam moet wees met die voorgaande ontwikkeling van die ERCC.

9.2.3.2 Die Sinode spreek sy kommer uit oor die spanning tussen die GKN(V) en die ERCC, met wie die GKSA beide ekumeniese eenheid onderhou. Ons bede is dat die verhoudinge herstel kan word ter wille van die onderskeie kerkgemeenskappe, sowel as die uitbouing van die koninkryk van God in die DRC.

9.2.3.3 Die Sinode neem met dank kennis van die optrede van die ERCC wat blyk uit die besluite van hulle spesiale Sinode.

9.2.3.4 Die Sinode stuur 'n bemoedigende boodskap aan die ERCC.

9.2.3.5 Die Deputate stuur 'n brief aan die ERCC waarin daar erkenning gegee word aan die besluite van die buitengewone Sinode. Daar word ook 'n brief geskryf aan die twee predikante wat tans verteenwoordigers by die regering dien, met die versoek dat hul die besluit van die Sinode moet honoreer.

Besluit: Goedgekeur – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

Kerkgemeenskappe in Ekumeniese Kontak

9.3 *Kerke in Afrika*

9.3.1 Opdrag

9.3.1.1 Die Deputate benut die komende Sendingkonferensie om ekumeniese bande te bou.

9.3.1.2 Die Deputate versoek plaaslike kerke om by die verskillende projekte/bedieninge hierbo genoem, betrokke te raak.

9.3.1.3 Die Deputate koördineer Gereformeerde sendingwerk in Afrika.

9.3.1.4 Kerke wat in die buiteland tov Sendingwerk en bediening betrokke is of wil raak moet met die te benoemde Deputate oorleg pleeg ter wille van koördinering.

9.3.1.5 Die Deputate verreken die neerslag van die verslag oor die Afrika-toer in samewerking met die NG en NH kerke in hulle werksaamhede.

9.3.1.6 Individue en kerke van die GKSA word opgeroep om die werksaamhede van die Sendelingbedieningstrust te ondersteun.

9.3.1.7 Die versoek van die Gereformeerde Kerke in Ivoorkus om ekumeniese eenheid met die GKSA word deur die Deputate hanteer. Kerke in die Ivoorkus (9.4): Daar kon nog geen kontak met hierdie kerke gemaak word nie. Die saak moet nog oorstaan en die opdrag moet gekontinueer word. Met die WRF konferensie het ons begin om verdere Afrika-kontakte te ontgin en sal daarmee voortgaan in die nuwe jaar (Acta, 2006:221.222, 3.4.3).

9.3.2 Uitvoering van opdrag

9.3.2.1 Sudanese Reformed Churches

(i) *Agtergrond*

(a) Tydens die vervolging deur die Moslems en die Suid-Soedanese bevrydingsoorlog van byna 30 jaar lank het die Christelike kerke (in die geheim) in Suid-Soedan merkwaardig gegroei.

(b) Nadat die vervolging opgehou het, het aan die lig gekom hoeveel nuwe gemeentes daar ontstaan het. Hierdie kerke is egter swak met min toegeruste ampsgawes. Die tweede deel van die sendingopdrag van Matteus 28: ... *leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het ...* moet nog in 'n groot mate uitgevoer word om meer Skrifgetroue kerklike strukture en beter funksionerende kerke te vestig.

(c) Via Soedanese vlugteling studente wat by Mukhanyo Teologiese Kollege studeer het, (Owar Ojango en Ojoye Okello) en via kontakte met die Puritan Reformed Seminary in Grand Rapids het dr Flip Buys 'n besoek daar gebring waar hy in twee gemeentes in Khartoum gepreek het en 'n vergadering met 15 ampsdraers, predikante en ouderlinge in Khartoum bygewoon het. Hy het ook samesprekings gevoer met hooggeplaaste regeringsamptenare in Khartoum.

(d) Hierdie kerkverband versoek die GKSA om hulp en advies met die oog op die moontlike erkenning van ekumeniese bande. Hulle fokus op ’n holistiese predikantsopleiding in samewerking met ontwikkelingshulp, waarvolgens ook onderwysers en maatskaplike werkers opgelei kan word.

(e) Die taal van hierdie kerke is Arabies wat die algemene spreektaal in Noord en Suid-Soedan.

(ii) *Geskiedenis*

(a) Die Sudanese Reformed Church is ’n baie jong en klein kerkverband. Ds Patrick Jok Ding, wat as ongelowige grootgeword het, het as ’n jong man tot bekering gekom. Hy het gou agtergekom dat die Charismatiese Kerke nie Skrifgetrou is nie en begin soek na ’n meer Skrifgetroue kerk. Hy begin evangelisasie doen en ’n nuwe kerk het tot stand gekom. Vanweë liberale teologiese tendense in die bestaande Presbiteriaanse Kerke in Sudan het die nuwe kerkgemeenskap nie hulle weg oopgesien om daarby aan te sluit nie.

(b) Met hulp van die ds Victor Atallah van die Middle East Reformed Fellowship (MERF, Siprus) het ds Ding elementêre opleiding ontvang by Nile Theological College (NTC) in Khartoum en later by die Hamilton Theological Seminary van die Canadian Reformed Churches in Kanada.

(c) Daar is nou 3 klein gemeentes in en om Khartoum, twee in die Nubagebergtes, een in Malakal en beplande evangelisasieaksies in Katuli, Bor, Awiel, Rumbek en Reng in Suid-Sudan. Daar is nou 3 predikante en twee studente in in-diens opleiding in Khartoum.

9.3.2.2 <u>Ivoorkus</u>

(i) <u>Uitvoering van opdrag</u>

Geen kontak kon met die kerke gemaak word nie.

Besluit: Kennis geneem van 9.3.1 tot 9.3.2.2.

(ii) <u>Aanbeveling</u>

Die Deputate voer verdere samesprekings met hierdie kerke om die kontak wat met die WRF-Konferensie begin is, verder te ontgin. Hierdie kontak kan veral deur bywoning van konferensies en ander geleenthede bewerkstellig word.

Besluit: Goedgekeur.

9.4 *Reformed Church of East Africa (RCEA) & African Evangelical Presbyterian Churches (AEPC)*

9.4.1 <u>Aanbeveling</u>

9.4.1.1 Die Sinode neem kennis van kontak gemaak deur bogenoemde kerke. Die RCEA het groete gestuur en aansoek gedoen vir ekumeniese bande.

9.4.1.2 Die Deputate het reeds die AEPC en RCEA se Kerkorde en Belydenis nagegaan en gevind dat hulle een is met die GKSA.

Besluit: Goedgekeur dat met die RCEA en AEPC bande van ekumeniese eenheid gesluit word.

10. Ekumeniese verhouding met Kerke in Suid-Afrika

Deputate verantwoordelik: di BCG Fourie (s), TF Dreyer, S Hibbert, CB Swanepoel en dr CJ Smit (VGKSA).

Kerkgemeenskappe met Ekumeniese Bande

10.1 *Free Church of SA (FCSA)*

10.1.1 Opdrag

Die opdrag word gekontinueer. [Die gesprek met die FCSA met die doel van ekumeniese eenheid, word as een van die prioriteite op die Agenda van die te benoemde Deputate voortgesit (Acta, 2006:217, 2.6.3; vgl Acta, 2003:210)].

10.1.2 Uitvoering van opdrag

10.1.2.1 Die *General Assembly* van die FCSA is bygewoon deur di Fourie en Swanepoel nadat aanvanklik kontak gemaak is met die Deputate van die FCSA.

10.1.2.2 'n Deputaat van Klassis Monti is ook in die gesprek betrek.

10.1.2.3 Die bestaan en voortbestaan van 'n kerkverband wat geplant en gedra word in ons landsgrense deur 'n kerkgemeenskap met wie die GKSA ekumenies een is, is kerkregtelik onhoudbaar. Daar moet egter in ag geneem word dat die FCSA vanuit 'n presbiteriaanse tradisie funksioneer en dat hierdie kerkgemeenskap in werklikheid "apart" van die FCS en FCS (Cont) bestaan.

Besluit: Kennis geneem van 10.1.1 tot 10.1.2.3.

10.1.3 Aanbevelings

10.1.3.1 Die gesprek met die FCSA oor kerklike eenheid word voortgesit.

10.1.3.2 Waardering word uitgespreek teenoor die plaaslike Gereformeerde Kerke wat noue bande met die FCSA en Dumisani College onderhou.

Besluit: Goedgekeur. Waardering word ook uitgespreek teenoor Dumisani Kollege oor hul lektuurverspreiding en dat die GKSA met groot vrug daarvan gebruik mag maak. Daar word ook voorgestel dat hierdie bande verder uitgebrei word deur die betrokkenes van die TSP en die Deputate.

10.2 *Vrye Gereformeerde kerke in SA (VGKSA)*

10.2.1 Opdrag

10.2.1.1 Die Deputate kry opdrag om die gesprek om ekumeniese eenheid met die VGKSA voort te sit.

10.2.1.2 Die gesprek oor hermeneutiek wat die VGKSA met die GKSA verder wil voer, kan op inisiatief van die GKSA saam met die GKN(v), en moontlik ook saam met die NedlGK en die CGKN, in 'n konferensie voortgesit word met toespitsing op Die Vrou in die Kerk (Acta, 2006:214, 2.2.3).

10.2.2 Uitvoering van opdrag

10.2.2.1 Daar is met die Deputate Ekumenisiteit: Binnelands ooreengekom om hierdie gesprek voortaan te hanteer – omdat die VGKSA 'n binnelandse kerkgemeenskap is.

10.2.2.2 Oor 10.2.1.2 het die betrokke kerkgemeenskappe besluit om die moontlike konferensie oor hermeneutiek uit te stel (kyk 2.1.2.2).

Besluit: Kennis geneem van 10.2.1 tot 10.2.2.2..

10.2.3 Aanbeveling

Samesprekings met die VGKSA word voortaan deur die Deputate Ekumenisiteit: Binnelands hanteer.

Besluit: Goedgekeur.

11. Ekumeniese Liggame

11.1 *International Conference of Reformed Churches (ICRC) [Lid]*

11.1.1 Opdrag

11.1.1.1 Afgevaardigdes word deur die Deputate aangewys om die volgende ICRC by te woon.

11.1.1.2 Die hartlike samewerking met die werksaamhede van die ICRC word bevestig deur voluit deel te neem aan die aktiwiteite van die ICRC soos uitgedruk in streekskonferensies en sendingkonferensies.

11.1.1.3 Aan die Deputate word opgedra om kontak met die Interim Komitee te behou. Advies en voorstelle moet deur die Deputate voorberei word na gelang van omstandighede en behoefte met die oog op die volgende ICRC in 2009 (Acta, 2006:225, 4.2.3).

11.1.2 Uitvoering van opdrag

11.1.2.1 Die samesprekings met afgevaardigdes van talle kerkgemeenskappe oor die wêreld tydens die ICRC van 2005, het verdere moontlikhede van ekumeniese kontakte en –bande geskep.

11.1.2.2 Lidmaatskap aan die ICRC het wel beduidende finansiële implikasies vir die GKSA. Die ledegeld vir 2008 het $2 999.00 beloop. Teen ’n wisselkoers van R8.00 het die bedrag vir 2008 R23 992 beloop. Die Deputate oordeel dat hierdie bedrag moeilik haalbaar is in die lig van die huidige finansiële omstandighede.

11.1.2.3 Di IW Ferreira en CB Swanepoel is na die ICRC se Afrika-konferensie in November 2008 afgevaardig waar hulle die geleentheid gehad het om namens die GKSA 'n sinvolle bydrae te maak.

Besluit: Kennis geneem van 11.1.1 tot 11.1.2.3.

11.1.3 Aanbeveling

11.1.3.1 Die Sinode neem met dank kennis van die werksaamhede van die ICRC.

11.1.3.2 Die GKSA gaan voort met die lidmaatskap van die ICRC.

11.1.3.3 Die Deputate lê in samewerking met die Administratiewe Buro ’n meer realistiese en haalbare aanbod voor aan die sekretariaat van die ICRC vir jaarlikse ledegeld.

Besluit: Goedgekeur.

11.2 *Reformed Ecumenical Council (REC) (met waarnemerstatus)*

11.2.1 Opdrag

11.2.1.1 Die GKSA behou sy waarnemerstatus en stuur weer afgevaardigdes na die volgende vergadering van die REC.

11.2.1.2 Die nuwe Deputate kry opdrag om die roeping en deelname van die GKSA ten opsigte van ekumeniese liggame en bewegings te formuleer (Acta, 2006:224, 4.1.4).

11.2.2 Uitvoering van opdrag

11.2.2.1 Afgevaardigdes van die GKSA het die REC in 2006 as waarnemers in Utrecht bygewoon.

11.2.2.2 Tans is daar samesprekings tussen die uitvoerende liggame van die REC en die WARC vir eenwording. Hierdie samesprekings het reeds so ver gevorder dat die volgende vergadering in 'n nuwe, gesamentlike ekumeniese liggaam sal plaasvind.

Besluit: Kennis geneem van 11.2.1 tot 11.2.2.2.

11.2.3 Aanbeveling

11.2.3.1 Die Deputate stuur weer waarnemers na die volgende REC/WARC.

Besluit: Goedgekeur.

11.3 *World Reformed Fellowship (WRF) (Aansoek ingedien 2006)*

11.3.1 Opdrag

11.3.1.1 Die aansoek word ingedien by die Kongres van 2006.

11.3.1.2 Die aansoek om lidmaatskap by die WRF word gedoen met inagneming van die finansiële implikasies.

11.3.1.3 Die Deputate stuur afgevaardigdes na kongresse op streeks- en internasionale vlak (Acta, 2006:226, 4.3.3).

11.3.2 Uitvoering van opdrag

11.3.2.1 Die GKSA se aansoek om lidmaatskap is aanvaar en die GKSA is nou ’n volwaardige lied van World Reformed Fellowship.

11.3.2.2 Lidmaatskap van WRF het nie beduidende finansiële implikasies nie. Die Afrika streek hef wel ’n klein lidmaatskapsfooi en die Internasionale Uitvoerende bestuur versoek dat kerke donasies aan WRF skenk.

11.3.2.3 Dr Flip Buys dien as lid van die Internasionale Raad van Direkteure en ook as lid van die Studiekommissie van WRF wat die moontlikheid van 'n nuwe internasionale aanvaarbare eietydse Gereformeerde Belydenis ondersoek. Hy is ook voorsitter van die Afrika streek van World Reformed Fellowship.

11.3.2.4 Van 23–25 September 2008 is 'n geslaagde Afrika streekskonferensie by Achterberg in Krugersdorp oor Skrifgetroue Christenskap in Afrika gehou. Dit is deur 40 konferensiegangers van Gereformeerde Kerke en opleidingsinstansies uit Suid-Afrika, Zambië Uganda, die DRC, Rwanda, Nigerië en Sudan bygewoon. Prof CT Rabali, D Mashau en dr Flip Buys uit GKSA geledere het voordragte gelewer. Daar word 'n soortgelyke konferensie beplan om in September 2009 DV in Uganda plaas te vind. Prof Koos Vorster het tydens die konferensie 'n voordrag gelewer.

11.3.2.5 Die vier-jaarlikse internasionale konferensie vind DV in April 2010 in Skotland plaas om saam te val met die doel om die 450ste herdenking van die Reformasie in Skotland te vier sowel as die 100 jarige herdenking van die Wêreld sending konferensie in Edinburgh. Die tema is: *Continuing the Reformation: A Missional Theology for the 21st Century Global Church* (konsepprogram aangeheg).

11.3.2.6 Dit blyk dat voortgesette lidmaatskap van hierdie organisasie goeie geleenthede verskaf vir kontak met wêreldwye Gereformeerde kerke en instellings en in bepaalde gevalle kan lei tot volle ekumeniese bande met kerke met wie daar kontak gemaak is soos bv Die PCA.

Besluit: Kennis geneem van 11.3.1 tot 11.3.2.6.

11.3.3 Aanbevelings

11.3.3.1 Die Sinode neem met dank kennis van die werksaamhede van WRF.

11.3.3.2 Die GKSA gaan voort met die lidmaatskap van WRF.

11.3.3.3 Die Deputate stuur twee afgevaardigdes na die streekskonferensie in Uganda DV in September 2009 en na die internasionale vergadering in Skotland DV in 2010**.**

11.3.3.4 Die Deputate oorweeg 'n donasie, indien moontlik, uit die kollektefonds vir ekumenisiteit buitelands.

Besluit: Goedgekeur.

11.4 *AEA en TEASA (Waarnemers)*

11.4.1 Opdrag

Die opdrag in 4.4.1 word herhaal. [Die te benoemde Deputate kry opdrag om by die werksaamhede van die AEA en TEASA as waarnemers betrokke te bly en op die vlak Gereformeerde insette te bly lewer (Acta, 2006:226, 4.4.3; vgl Acta, 2003:191)].

11.4.2 Uitvoering van opdrag

Vanweë die koste-aspek was dit nie gedurende die afgelope drie jaar haalbaar vir die Deputate om die vergaderings by te woon nie.

Besluit: Kennis geneem van 11.4.1 en 11.4.2.

11.4.3 Aanbeveling

Die Deputate neem verder kennis van hierdie ekumeniese liggame se werksaamhede.

Besluit: Goedgekeur.

11.5 *Gereformeerde Bond en die Konfessioneel Gereformeerde Beraad (voortgaande gesprek)*

11.5.1 Opdrag

11.5.1.1 Die Deputate ondersoek die kerkregtelike vraagstuk van hoe die GKSA 'n ekumeniese verhouding kan aangaan met konfessionele groep(e) in 'n kerkgemeenskap.

11.5.1.2 Die Deputate voer gesprek met die GB en CGB oor die raakvlakke van hulle sendingbetrokkenheid en –belangstelling in Afrika.

11.5.1.3 Dat gesprekke met die Gereformeerde Bond en die Konfessioneel Gereformeerde Beraad, voortgaan (Acta, 2006:226,227, 4.5.3).

11.5.2 Uitvoering van opdrag

11.5.2.1 Daar kon nie vasgestel word of hierdie bepaalde Gereformeerde Bond ’n afsonderlike kerkgemeenskap gevorm het nie.

11.5.2.2 Indien hierdie Bond as ’n kerk of ’n kerkgemeenskap gekonstitueer het, is daar nie ’n verhindering dat die GKSA ekumeniese kontak met hulle maak nie.

11.5.2.3 Indien hierdie Bond egter bloot ’n Bond binne ’n bepaalde kerkgemeenskap vorm, is ekumeniese kontak deur die GKSA kerkregtelik nie houdbaar nie omdat ekumeniese kontak/bande,/eenheid tussen kerkgemeenskappe onderhou word.

Besluit: Kennis geneem van 11.5.1 tot 11.5.2.3.

11.5.3 Aanbeveling

Van hierdie opdrag word afgestap totdat of indien daar ’n kerkgemeenskap tot stand kom.

Besluit: Goedgekeur.

12. Ander opdragte en besluite

12.1 *Afrikaanse Kerke in die buiteland*

Deputate verantwoordelik vir opdrag: Dr HG Stoker (s), di BCG Fourie, IW Ferreira, CB Swanepoel, ASA de Bruyn, dr DG Breed.

12.1.1 Opdrag

Die Sinode gee aan die Deputate Ekumenisiteit: Buitelands opdrag om onder meer as deel van die Interkerklike Kommissie vir die Bediening van Afrikaners in die buiteland ekumeniese kontak met Afrikaanse kerke in Australië op te bou. Die Sinode neem met dank kennis van finansiële ondersteuning deur die Kommissie vir Buitelandse Bediening van die drie Afrikaanse kerke (Acta, 2006:200, 1.5.3.4, 1.5.3.5).

12.1.2 Uitvoering van opdrag

Die Deputate het die opdrag interpreteer as "bediening van Gereformeerdes uit Suid-Afrika in die buiteland" en nie noodwendig net Afrikaners nie. Daar bestaan ’n baie positiewe samewerking tussen Deputate van die GKSA, die NG kerk en die NH kerk ten opsigte van die inskakeling van oud Suid-Afrikaners, asook Suid-Afrikaners wat tydelik in die buiteland is, by kerke en geloofsgemeenskappe daar. Besoeke is gereël na verskeie plekke in die buiteland en verskeie kontakte is gemaak met oud Suid-Afrikaners om hulle te ondersteun en by te staan – ook in lande waar kerkwees baie moeilik is. ‘n Data-basis word onderhou om Suid-Afrikaners by mekaar en by medegelowiges in ander lande uit te bring.

Besluit: Kennis geneem van 12.1 en 12.1.2.

12.1.3 Aanbevelings

12.1.3.1 Dat die NG en NH kerke bedank word vir die hartlike samewerking wat daar met die GKSA bestaan ten opsigte van die kerklike bystand van Suid-Afrikaners en oud Suid-Afrikaners in die buiteland.

12.1.3.2 Dat die samewerking met die NG en NH Kerke in die Kommissie vir Buitelandse Bediening voortgesit word ter wille van die bystand en die bediening van Suid-Afrikaners en oud Suid-Afrikaners in die buiteland.

Besluit: Goedgekeur.

12.2 *Brosjure vir bekendstelling van die GKSA*

12.2.1 Vir kennisname

Die Brosjure word op datum gebring en beskikbaar gestel aan Deputate wat dit benodig.

Besluit: Kennis geneem.

12.2.2 Aanbevelings

12.2.2.1 Die Deputate moet sorg dra dat die Brosjure gepubliseer en elektronies beskikbaar gestel word.

12.2.2.2 ’n Inligtings-DVD moet saamgestel word vir bekendstelling van die GKSA.

Besluit: Goedgekeur.

12.3 ***Descensus***

12.3.1 Opdrag

12.3.1.1 Om 'n meer verteenwoordigende bydrae van kerke in ekumeniese eenheid en kerke met ekumeniese bande en ekumeniese kontak te verkry.

12.3.1.2 Om gevolg te gee aan die versoek van die TKR sodat getrag word om 'n gesamentlike bewoording vas te stel wat vir die goedkeuring aan die onderskeie Sinodes en Algemene Vergadering voorgehou kan word en wat daarna in die beoogde gesamentlike nuwe vertaling van die Belydenisskrifte opgeneem kan word.

12.3.1.3 Om aan die volgende Sinode te rapporteer (Acta, 2006: 229, 230, 5.3.8).

12.3.2 Ter geleide

Die Deputate het hulle opdrag om 'n uiteindelike aanbeveling aan die Sinode oor 'n herformulering van die *descensus* voor te lê (in die lig van die werk van vorige Deputate, soos weergegee in die Acta's van 2000, 2003 en 2006) veral ekumenies gesien, dws om waar moontlik insette van kerkgemeenskappe in ekumeniese verband te verkry en dit sover moontlik te sinkroniseer. Die werk van vorige Deputate waarvan die Sinodes kennis geneem het, word in hierdie Rapport geïnkorporeer (kyk veral Acta, 2000:419-423).

12.3.3 Dogma-historiese agtergrond

12.3.3.1 Die vroeë kerk

(i) Die woorde "descendit in inferna" kom vir die eerste keer voor in die Acta van die Ekumeniese Sinode van Sirmium (359) en die Konsilie van Nicea in Thracië (359).

(ii) Ongeveer 30 jaar later, in 390, het Rufinus, ’n priester van Aquilea, dit opgeneem in sy Expositio Symboli Apostolici. In sy kommentaar op hierdie artikel sê Rufinus uitdruklik dat hierdie frase nie in enige belydenis van die Rooms-Katolieke Kerk of die kerk in die Ooste voorkom nie. Hy meld egter nie waarom hy dit nodig vind om dit hier en op hierdie tydstip in te voeg nie.

(iii) Wat Rufinus se bedoeling hiermee was, is egter van belang. ’n Aanduiding in hierdie rigting is die feit dat hy die artikel "sepultus" (begrawe is) uitlaat en met "descendit in inferna" vervang. Hy doen dit blykbaar dan nie om ’n nuwe dogma in te bring nie, maar om die bestaande te verduidelik. "Sepultus" en "ascendit in inferna" word klaarblyklik as sinonieme beskou.

(iv) Die werklikheid van Christus se dood word met hierdie frase beklemtoon en sluit eenvoudig aan by die eeue-oue idee wat by die Jode en Christene geheers het oor die toestand van die gees na die dood.

(v) Die vroeë kerk het die neerdaal van Christus eenvoudig verstaan as deel van die verlossingsplan van God en as oorgang van die staat van vernedering na die staat van verheerliking van Christus.

(vi) Waarom Rufinus dit egter nodig gevind het om hierdie frase op daardie stadium in te voeg, mag daarop dui dat daar reeds iewers in die kerk van daardie tyd ’n dogmatiese verskuiwing begin plaasvind het wat so ’n invoeging vereis het.

12.3.3.2 Middeleeuse wending

(i) Hierdie sluimerende dogmatiese wending in die verstaan van die frase kom in die patristiese tyd en Middeleeue al hoe meer na die oppervlak.

(ii) Teen die jaar 750 is die teks van die Apostolicum finaal vasgestel en die frase "descendit in inferna" het finaal sy plek naas "sepultum" gekry.

(iii) Veral onder die invloed van die kerkvaders Origines en Clemens Aleksandrinus is ’n meer uitgebreide prentjie geskilder oor wat Christus gedurende die drie dae tussen sy dood en opstanding sou gedoen het. Dit het gepaard gegaan met ’n tendens om skerper te onderskei tussen sheol/hades (die doderyk of tydelike verblyfplek van alle gestorwenes – regverdiges en goddeloses) en hemel en gehenna (die hel of plek van ewige verdoemenis).

(iv) Dit het uiteindelik daartoe gelei dat die geloof dat Christus gesterf en Hom daarom in die verblyfplek van die dooies bevind het, vervang is met die geloof dat Christus die hel (die plek van ewige verdoemenis) besoek het en daar in ’n oorlog die oorwinning behaal het oor die Satan en die dood. Dit word in kleurryke taal in verskeie apokriewe boeke beskryf, soos onder andere in die Evangelie van Nikodemus (hfst 13-21).

(v) Daar was dus ’n groeiende tendens om die "neerdaal" onafhanklik te beskou van die sentrale leer van die dood en opstanding van Christus en "sheol/doderyk" te vervang met "gehenna/hel".

12.3.3.3 Reformatoriese herinterpretasie

(i) In die tyd van die reformasie het talle leerstellige skermutselings rondom die interpretasie van hierdie artikel voorgekom. Tussen 1580 en 1720 was daar nie minder nie as 34 Lutherse, 16 Gereformeerde en 4 Rooms-Katolieke spesiale ondersoeke hieroor (Wentsel:224).

(ii) Bucer interpreteer bv. in 1536 hierdie artikel histories en beskou dat Christus "begrawe is" as sinoniem met die neerdaling. Die meeste reformatore het egter die frase "descendit in inferna" nie simbool-histories nie, maar dogmaties geïnterpreteer.

(iii) Luther betrek die neerdaling op Jesus se lyding in Getsemane en Golgota; Calvyn neem dit van hom oor. In sy Institusie (2.16.8) handel Calvyn uitvoerig daaroor. Hy erken dat hierdie artikel eers later ingevoeg is, dat sommige kerkvaders elkeen sy eie vertolking daaraan gegee het en dat ander (soos Augustinus) dit heeltemal weggelaat het, maar beskou die historiese aspekte van die ontstaan en interpretasie daarvan van geen belang nie.

(iv) Calvyn verkies steeds "hel" as vertaling van "inferna" en verklaar hierdie artikel as Christus se hellesmart aan die kruis. Immers (redeneer hy), niks sou volbring gewees het nie as Christus net slegs die liggaamlike dood gesterf het. Hy moes ook die strengheid van die Goddelike wraak voel en daarom as ‘t ware ook met die leërskare van die hel en die verskrikking van die ewige dood handgemeen raak. In die neerdaal het Christus hierdie dood gedra. Nie alleen is sy liggaam oorgelewer tot ’n prys vir ons verlossing nie, maar ook in sy siel het Hy die vreeslike kwellinge van ’n verlore mens gedra. Hy was nie net gewikkel in die dood nie, maar ook in die smarte wat voortkom uit die vloek en die toorn van God, en as die vreeslike dieptepunt noem Calvyn die verlating aan die kruis. Hierdie verklaring het sy neerslag gevind in die Heidelbergse Kategismus, 16:44.

(v) Calvyn wou met hierdie verklaring die artikel as ‘t ware ontmitologiseer, maar het daarmee afgewyk van die oorspronklike bedoeling van hierdie uitdrukking. In die gees van die Reformasie wou hy nie torring aan ’n belydenis wat vir eeue as vasstaan nie.

(vi) Die Lutherse Kerk bely (grootliks in teenstelling met Luther se eie siening) in die Formula Concordiae van 1577 (art. 9) dat Christus na sy hele persoon, as God en mens, in die hel afgedaal het om die mag van Satan te verbreek.

(vii) Die neerdaal na die hel word in die Konfessie en Groot Kategismus van Westminster nog anders opgevat: hierdie vernedering het nie voor nie, maar na sy dood plaasgevind. Hy is begrawe en verkeer tot die derde dag in die staat van die dooies en in die mag van die dood.

12.3.3.4 Enkele interpretasies van die 19e en 20e eeu

(i) Bavinck wys die opvatting af dat Christus in die hel die evangelie gepreek het aan almal wat dit hier op aarde nie gehoor het nie. Hy ag ’n verklaring (dat dit in die neerdaling gaan om die staat van die dood waarin Christus verkeer het tussen sy sterwe en opstanding om die straf te dra en ons daarvan te verlos) die meeste in ooreenstemming is met verwante uitdrukkings in die Skrif, die waarskynlike oorsprong en sin van die woorde en met die plek wat hierdie woorde tussen die ander artikels het.

(ii) J Moltman is van mening dat daar iets waars is in die interpretasie van die deurstaan van die helse pyn en in dié van die triomf van Christus oor die hel.

(iii) H Berkhof ag die interpretasie van Christus se solidariteit met ons, sy oorwinning oor die magte van die dood as juis, maar wys dié van Godverlatenheid af.

(iv) Berkouwer ag die interpretasie van die neerdaling as helse verlatenheid wellig as histories onseker, maar nietemin in ooreenstemming met die Skrif.

(v) MH Bolkestein gaan ’n ander rigting op en sê dat Christus se heerskappy nêrens op grense stuit nie. Daar is geen domein op of onder hierdie aarde waar Hy nie regeer nie. Selfs daar, waar geen mens mag kan uitoefen nie – in die doderyk – het Hy mag.

(vi) In 1975 verdedig die Lutherse Kerk sy siening deur te verklaar dat die dooies wat geen kans gehad het om Jesus persoonlik te ontmoet of sy boodskap te hoor nie, nog ’n geleentheid kry om Hom te ontmoet en hulle te bekeer. 1 Petrus 3:18, en verder 4:6, is vir hulle die loci classici vir hierdie siening.

12.3.3.5 Hantering van die probleem deur verskillende Gereformeerde Kerke

(i) In die Engelssprekende wêreld is daar in 1969 die sogenaamde Commission on English Texts (ICET) deur die hoofstroomkerke gestig om ’n gemeenskaplike bewoording van kerklike dokumente daar te stel. In 1970 het die ICET ’n aantal "ooreengekome tekste" gepubliseer waaronder die Apostolicum was. Die woorde "he descended into hell" is vervang met "he descended to the dead".

(ii) Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in Oktober 1986 besluit om die vertaling "neergedaal het na die hel" weer te verander na "ter helle neergedaal" – om die eintlike betekenis daarvan beter uit te druk in ooreenstemming met die historiese en Skriftuurlike gegewens. Die gebruik van die Hervormde Kerk weerspieël 'n soortgelyke besluit.

(iii) Die Presbyterian Church in Korea het hierdie woorde reeds in ’n vroeë stadium uit die Apostolicum weggelaat uit vrees dat dit misverstaan kan word as sou dit verwys na die leer van die vagevuur van die Rooms-Katolieke Kerk.

(iv) Die Rooms-Katolieke Kerk en die Protestantse kerke in Duitsland het hierdie artikel ook intussen verander na "neergedaal na die doderyk".

(v) Die Sinode van die Reformed Churches of Australia het ook by sy Sinode van 1994 ’n Beswaarskrif in hierdie verband ter tafel geneem. Die saak is na Studiedeputate verwys wat by die Sinode van 1997 gerapporteer het. Die Sinode het die probleem oor die verstaan van die betrokke artikel ingesien, maar wou nie die Belydenis eensydig verander nie. Die Sinode het uiteindelik besluit om die descensus te behou, maar om die volgende voetnoot by te voeg: "by this we understand that Christ suffered the Godforsaken agony of hell on the cross". Die Sinode het ook verder besluit om die 1994-beswaar, die Rapport van 1997 en die besluite van 1997 aan die Reformed Ecumenical Council te stuur vir oorweging by sy sitting van 2000.

(vi) Die Reformed Ecumenical Council het op sy vergadering in 2000 die descensus in die Apostolicum via rapporte en besluite van die Reformed Churches of Australia, vir oorweging ter tafel geneem. Die volgende besluit is deur die REC geneem “1. That the assembly inform the RCA that the REC acknowledges the following important principles: i. The original text of the Apostle’s Creed is foundational. ii. There is a universal acceptance of the original text of the Apostle’s Creed among Christian communions and therefore any departure from it should not be unilateral. iii. The problem is more a matter of language than doctrine. iv. Churches using a common language should endeavor to use an agreed version. v. Use of the Apostle’s Creed should always be related to Biblical exposition. 2. That the Secretariat includes the CRCNA response in the Acts of the Assembly. 3 That the Assembly takes no further action” (REC Acta 2000:11, 12:B).

(vii) Die Reformed Churches of New Zealand het insgelyks ook die saak bestudeer en vier moontlikhede ondersoek om die verstaansprobleem op te los. Uiteindelik is ook gekies vir ’n voetnoot by die betrokke reël.

(viii) In die familie van die Baptiste en Presbiteriaanse Kerke in die VSA is dit al hoe meer die neiging om die descensus eenvoudig weg te laat.

12.3.3.6 Die GKSA

(i) Op Sinode 1964 dien ’n Beswaarskrif oor die woorde "en neergedaal het na die hel …" soos dit voorkom in die Apostoliese Geloofsbelydenis en Geloofsbelydenis van Atanasius. Hierdie beswaar is nie gehandhaaf nie.

(ii) Op Sinode 1997 dien ’n beswaarskrif van die Partikuliere Sinode Wes-Transvaal teen bogenoemde besluit en wel op die volgende twee gronde:

(a) Sinode 1964 erken dat die woorde "en neergedaal het na die hel" maklik misverstaan kan word, maar los die probleem nie bevredigend op nie.

(b) Die misverstand wat by baie lidmate bestaan oor die woorde "en neergedaal het na die hel", is skriftuurlik en dogmaties onhoudbaar en moet daarom voorkom word.

(iii) Partikuliere Sinode Noord-Transvaal 1997 besluit dat ’n hervertaling die aangewese manier is om die probleem op te los.

(iv) Sinode 2003 aanvaar dié konsepbewoording vir die descensus om deur die kerke getoets te word, in die Apostolicum: (Acta 2003:559) "wat die angste van die hel tot in die dood toe ondergaan het".

(v) Vir die Atanasium aanvaar Sinode 2003 dié konsepbewoording: (Acta 2003:559) “wat ter wille van ons saligheid gely het, en só die angste van die hel, tot in die dood toe ondergaan het, op die derde dag uit die dood opgestaan het.”

(vi) Sinode 2006 laat die klem daarop val dat insette van kerkgemeenskappe in ekumeniese verband verkry moet word (Acta 2006: 229,230, 5.3.8).

12.3.4 Skrifgegewens

12.3.4.1 Skrifgegewens wat ’n neerdaling na die hel oënskynlik ondersteun

Moontlike ondersteuning vir die gedagte dat Christus na die hel neergedaal het, kan hoofsaaklik in vyf gedeeltes in die Skrif gevind word: Hand 2:27; Rom 10:6-7; Ef 4:8-9; 1 Pet 3:18-20 en 1 Pet 4:6.

Handelinge 2:27

Hierdie vers vorm deel van Petrus se preek op Pinksterdag. Hy haal Ps 16:10 aan. In die 1953-vertaling lui dit: "*Want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat of u Heilige Gees oorgee om verderwing te sien nie*". Ook in die 1983-vertaling word die Griekse woord "*hades*" (Hebreeuse "sheool") met "*doderyk*" weergegee. Daar is vertalings, soos die KJV, wat dit hier met "*hel*" vertaal het. Beide die oorspronklike woorde kan eenvoudig "*die graf*" of "*dood*" (die toestand van dood-wees) beteken. In hierdie konteks word dit beklemtoon dat Christus se liggaam uit die graf opgestaan het in teenstelling met Dawid se liggaam wat in die graf gebly het. Petrus gebruik hierdie Psalm van Dawid om aan te toon dat Christus se liggaam nie vergaan het nie. Hierin verskil Hy volkome van Dawid wat gesterf het, begrawe is en wie se graf "by ons tot vandag toe" is.

Hierdie gedeelte oor Christus se opstanding uit die graf bied geen oortuigende grond vir die idee dat Christus na die hel neergedaal het nie.

Romeine 10:6-7

In hierdie verse kom weer ’n aanhaling uit die Ou Testament (Deut 30:13) voor. Paulus vra twee retoriese vrae: "*Moenie in jou hart sê nie: Wie sal in die hemel opvaar, naamlik om Christus af te bring; of: Wie sal in die afgrond neerdaal, naamlik om Christus uit die dode op te bring?*" (1953). Die Griekse woord "*abyssos*" wat hier met "*afgrond*" en in die 1983-vertaling met "*onderaardse diepte*" vertaal is, is in die Septuaginta gebruik om te verwys na die dieptes van die see (Gen 1:2; 7:11; 8:2; Deut 8:7, ens.) maar kan waarskynlik bloot verwys na die doderyk soos in Ps 71:20. Paulus gebruik dit hier as teenstelling vir "hemel" om te

dui op ’n onbereikbare plek vir die mens. Die kontras is nie "Wie sal gaan om Christus te vind in ’n plek van saligheid (die hemel) of ’n plek van straf (die hel)?" nie, maar "Wie sal gaan om Christus te vind in ’n plek van onbereikbare hoogte (hemel) of in ’n plek wat onbereikbaar diep is (die plek van die dooies)?".
Geen saak kan uit hierdie gedeelte uitgemaak word vir Christus se sogenaamde neerdaal na die hel nie.

Efesiërs 4:8-9

Paulus skryf hier: "*Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee. Maar dit: Hy het opgevaar – wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste deel van die aarde*?" (1953). Die 1983-vertaling veronderstel dat die laaste gedeelte van vers 9 verwys na Christus se vleeswording; daarom word dit vertaal met: "*neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe*". Die laaste woorde van vers 9 "*onderste dele van die aarde*" bevat ’n epeksegetiese genitief wat beteken: "*onderste dele, naamlik die aarde*". Dit is verkieslik in hierdie konteks, want Paulus sê dat Christus wat na die hemel gegaan het (hemelvaart), is dieselfde Een wat vroeër van die hemel gekom het (vleeswording).
Hierdie gedeelte gaan dus oor Christus se vleeswording, nie oor ’n neerdaal na die hel nie.

1 Petrus 3:18-20

Hierdie teks lewer die meeste probleme op. Petrus sê dat Christus "*gedood is na die vlees; maar lewend gemaak is na die Gees; in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God eenmaal gewag het in die dae van Noag*" (1953). Sommige verstaan die uitdrukking "*dat Hy vir die geeste in die gevangenis gepreek het*" (soos die 1983-vertaling dit ook het) so dat Christus in die hel gegaan en vir die geeste wat daar is, gepreek het. Sy preek het dan die evangelie behels wat vir hierdie geeste van ongelowiges in Noag se tyd ’n tweede geleentheid tot bekering sou bied, of ’n aankondiging van sy oorwinning oor hulle en hulle ewige verdoemenis. Hierdie interpretasie ignoreer egter nie slegs die konteks waarin dit voorkom nie, maar lewer ernstige dogmatiese probleme op. Die Bybel spreek nêrens van ’n geleentheid tot bekering na die dood nie. Voorts gee die Bybel ook nêrens die idee dat gelowiges in die Ou Testament onmiddellike heerlikheid na die dood weerhou is nie. Verskeie plekke dui inderwaarheid daarop dat Ou-Testamentiese gelowiges onmiddellik na hulle dood in God se heerlike teenwoordigheid gekom het omdat hulle sondes deur geloof in die komende Messias vergewe is (Gen 5:24; 2 Sam 12:23; Ps 16:11; 17:15; 23:6; Pred 12:7; Matt 22:31-32; Luk 16:22; Rom 4:1-8 en Heb 11:5).
'n Aanvaarbare verklaring van hierdie teks is eeue gelede al deur Augustinus gegee: Dit verwys nie na gebeure tussen die dood en opstanding van Christus nie, maar na dit wat Hy deur sy Gees in die tyd van Noag gedoen het. Toe Noag die ark gebou het, het Christus "in die Gees" deur Noag tot die ongelowiges rondom hom gespreek. Hierdie interpretasie word grootliks gesteun deur wat Petrus in 1 Pet 1:11 sê, naamlik dat die Gees van Christus deur die profete van die Ou Testament gespreek het. Daarbenewens noem hy Noag in 2 Pet 2:5 "die prediker van geregtigheid". Hierdie mense tot wie Christus gepreek het, was ongelowiges in die tyd van Noag; maar Petrus noem hulle "geeste in die gevangenis" omdat hulle nou in die gevangenis van die hel is, hoewel hulle nie geeste is nie, maar persone op aarde was toe die prediking plaasgevind het.
Ook hierdie teks onderskryf nie die gedagte dat Christus na sy dood na die hel neergedaal het nie.

1 Petrus 4:6

Hierdie teks lui: "*Want daarom is ook aan die dode die evangelie verkondig, sodat hulle wel geoordeel kan word na die mens in die vlees, maar lewe na God in die gees*" (1953). As hierdie teks sou leer dat Christus na die hel neergedaal het,

beteken dit dat dit ook leer dat daar na die dood ’n "tweede geleentheid" vir bekering is – in stryd met bv. Luk 16:19-31 en Heb 9:27. Hierdie teks sê nie eksplisiet dat die evangelie verkondig is aan mense na hulle dood nie. Dat dit eerder beteken dat dit gedoen is terwyl hulle geleef het, word bevestig deur die feit dat die tweede woord "daarom" terugverwys na die eindoordeel wat teen die einde van vers 5 genoem word. Dit is bedoel as ’n trooswoord aan hulle wat oor hulle medegelowiges wat reeds gesterf het, bekommerd is. Hulle wonder dalk of die evangelie enigsins vir hulle tot nut was, aangesien dit hulle nie van die dood gered het nie. Petrus sê dat die evangelie nie aan hulle verkondig is om hulle van die fisiese dood te red nie, maar om hulle te red van die eindoordeel. Die feit dat hulle gesterf het, is nie ’n aanduiding dat die evangelie in sy doel misluk het nie. Die "dode" is dus mense wat gesterf het en nou dood is, hoewel hulle op die aarde geleef het toe die evangelie aan hulle verkondig is. Derhalwe gee die 1983-vertaling dit soos volg weer: "*Daarom is die evangelie ook verkondig aan die wat nou dood is sodat, hoewel hulle as mense onder die oordeel was om na die liggaam te sterwe, hulle na die gees sou lewe soos God lewe*".

Dit beteken dat ook hierdie teks geen oortuigende ondersteuning bied vir die gedagte dat Christus na sy dood na die hel neergedaal het.

12.3.4.2 <u>Skrifgegewens wat ’n neerdaling na die hel duidelik weerspreek</u>

(i) Benewens die feit dat daar weinig, indien enige, Skrifgrond vir ’n neerdaal na die hel deur Christus is, weerspreek twee van Christus se kruiswoorde die gedagte dat Hy na sy dood na die hel neergedaal het, totaal.

(ii) Jesus se woorde aan die kruis aan die rower "Vandag sal jy saam met my in die paradys wees" (Luk 23:43) impliseer dat, nadat Jesus gesterf het, sy gees dadelik die teenwoordigheid van sy Vader in die hemel sou betree, hoewel sy liggaam begrawe op die aarde sou agterbly.

(iii) Daarbenewens suggereer die uitroep van Jesus in Joh 19:30 "Dit is volbring", baie sterk dat Christus se lyding op daardie oomblik verby was, en daarmee saam ook sy vervreemding van sy Vader oor die feit dat Hy ons sonde gedra het. Dit impliseer dat Hy nie na die hel neergedaal het nie, maar dadelik na sy Vader gegaan het.

(iv) Uiteindelik, as Jesus uitroep: "Vader, in U hande gee Ek my gees oor" (Luk 23:46), is dit duidelik dat Hy nou gaan sterf soos wat elke mens op aarde moet sterf. Hierdie finale stap van die straf op die sonde moet Hy nou tegemoet gaan.

(v) Bogemelde tekste wys daarop dat Christus in sy dood dieselfde beleef het as wat elke gelowige vandag nog ervaar wanneer hy/sy sterf. Christus se dooie liggaam het op die aarde gebly en is begrawe, maar sy gees het dadelik na die teenwoordigheid van die Vader in die hemel gegaan. Op die eerste dag van die week is Christus se gees en liggaam herenig en het Hy opgestaan uit die dood, net soos wat met die gelowiges by die wederkoms sal gebeur.

12.3.5 <u>Gevolgtrekkings</u>

12.3.5.1 Uit die tersaaklike Skrifgegewens is dit duidelik dat daar geen positiewe uitspraak is ten gunste van ’n neerdaling van Christus na die hel/gehenna nie.

12.3.5.2 Daar is duidelike Skrifuitsprake wat ’n neerdaling na die hel direk weerspreek.

12.3.5.3 Hierdie woorde is ’n baie laat byvoeging (einde 4de eeu tot middel 7de eeu) tot die Apostoliese Geloofsbelydenis. Dit is aanvanklik so verstaan dat Christus na die doderyk/hades neergedaal het, wat ’n ander manier was om te sê dat Hy waarlik dood was. In die Middeleeue is dit egter letterlik verstaan, naamlik dat Christus na sy dood na die hel/gehenna neergedaal het om die regverdiges van die Ou Verbond te bevry.

12.3.5.4 Calvyn het die bogenoemde (onskriftuurlike) verstaan van die geykte bewoording afgewys en dié uitdrukking verstaan as die helse smarte en Godverlatenheid van Christus aan die kruis. Hierby sluit die HK, 16:44 aan.

12.3.5.5 Uit die geskiedenis van die descensus blyk dat die geykte bewoording misverstand (kan) meebring en 'n verkeerde begrip tov Christus se sterwe (kan) veroorsaak. Op sigwaarde kom die geykte bewoording nie met die Skrifgegewens ooreen nie, en is selfs in stryd daarmee.

12.3.5.6 Verskeie kerkgemeenskappe het hierdie bewoording individueel en/of op ekumeniese vlak heroorweeg. Sommige kerkgemeenskappe het tot 'n eie oplossing gekom deur die geykte bewoording aan te pas of dit bloot weg te laat, of 'n verduidelikende voetnoot daarby te voeg.

12.3.6 Kennisgewing aan kerkgemeenskappe in ekumeniese verband

12.3.6.1 Die voorgestelde konsep-bewoording, met 'n volledige motivering daarby, is na sowel Sinode 2003 as Sinode 2006 gestuur na:

(i) Alle Kerkrade (en predikante) in die GKSA.
(ii) Alle teologiese professore van die GKSA.
(iii) Die voormalige Sinode Middellande en die Gereformeerde Kerk Soutpansberg.
(iv) Al die kerkgemeenskappe met wie die GKSA korrespondensie handhaaf.
(v) Die NG Kerk, Hervormde Kerk en APK.

12.3.6.2 Al die kerkgemeenskappe met wie die GKSA ekumeniese bande dmv die Konvent van Reformatoriese Kerke in Suider-Afrika onderhou (na Sinode 2006).

12.3.6.3 Al die kerkgemeenskappe met wie die GKSA dmv die ICRC ekumeniese bande handhaaf (na Sinode 2006).

12.3.6.4 Die moontlike wysiging van die descensus is deur Deputate wat afgevaardig is na oorsese kerkgemeenskappe, selfs by herhaling, met die betrokke Deputate of Kommissies bespreek en toegelig

12.3.7 Reaksie van kerkgemeenskappe en individuele lidmate

12.3.7.1 'n Aantal Kerkrade en enkele professore en individuele lidmate het reageer.

12.3.7.2 Enkele kerkgemeenskappe, binnelands en buitelands, het reageer – in elke geval om eie ondervindings en besluite oor die descensus mee te deel. Die NG Kerk het sy besluit van 1986 "en ter helle neergedaal" gemotiveer. Die Hervormde Kerk stel dat dit beter is om "voortdurend 'n eietydse interpretasie te gee as om die teks van die ekumeniese simbole te verander", maar gebruik self ook die bewoording "en ter helle neergedaal". Die Christelijke Gereformeerde Kerke in Nedl het die nuwe bewoording "nedergedaald in het rijk van de dood" gemotiveer.

12.3.7.3 Onder die individuele reaksies is teensprekende menings en motiverings weergegee, bv "laat die artikel heeltemal uit", "verander die artikel na 'neergedaal in die doderyk' en 'behou die geykte formule'. Die oorgrote meerderheid van die individuele reaksies, sowel as die van plaaslike kerke, het instemming betoon met die konsepwysiging waarop Sinode 2003 besluit het.

12.3.7.4 Daar is geen kerkgemeenskap in die binneland en in die buiteland wat beswaar teen moontlike veranderinge aan die geykte bewoording in die lig van die konsepbewoording van 2003 aangeteken het nie.

12.3.8 Besluit van die TKR oor wysiginge aan die descensus

12.3.8.1 Nadat die Deputate die TKR ingelig het oor die proses van die moontlikheid van 'n gewysigde bewoording van die descensus waarmee die GKSA tans besig is, het die TKR in 2005 die volgende besluit geneem:

"Die GKSA word versoek om die resultaat van hulle Deputate se werk in dié verband deur te voer na die TKR sodat getrag word om 'n gesamentlike bewoording vas te stel wat vir goedkeuring aan die onderskeie Sinodes en Algemene Vergadering voorgehou kan word en wat daarna in die beoogde gesamentlike nuwe vertaling van die Belydenisskrifte opgeneem kan word."

12.3.8.2 Die Opdrag in 1 moet in die lig van hierdie besluit gelees word.

12.3.8.3 Na versoek om verdere insette van die betrokke kerkgemeenskappe, is geen verdere kommentaar ontvang nie.

12.3.9 Bevinding

12.3.9.1 Die aangeleentheid word in die algemeen deur buitelandse kerkgemeenskappe in ekumeniese verband, soos dit ook onder meer uit samesprekings geblyk het, nie soseer as 'n leerstellige saak nie maar as 'n formuleringskwessie gesien (vgl 2.5.6 iii).

12.3.9.2 Derhalwe het verskeie buitelandse kerkgemeenskappe reeds 'n eie bewoording aanvaar, sonder dat daarmee dogmatiese verskille tov hierdie eeue oue Belydenisskrifte na vore gebring word.

12.3.9.3 Dieselfde koers is reeds vanaf 1986 deur binnelandse kerkgemeenskappe ingeslaan met 'n eie bewoording van dié betrokke artikel, nl "neergedaal ter helle".

12.3.9.4 Die gesprek moet deur die TKR en die Konvent van Reformatoriese Kerke in Suider-Afrika steeds voortgesit word om tot 'n eenvormige bewoording te probeer kom.

12.3.10 Die Konsep-bewoording wat deur Sinode 2003 vir toetsing deur die kerke voorgehou is:

12.3.10.1 Dié bewoording in die Apostolicum, *"wat die angste van die hel tot in die dood toe ondergaan het"*, sowel as die bewoording in die Atanasium *"... en só die angste van die hel, tot in die dood toe ondergaan het ..."* is in die lig van 2 en 3 reeds 'n moontlike tree in die regte rigting. Tog is daar 'n inherente mankement wat nie die Skrifgegewens komplementeer nie.

12.3.10.2 Die tussensin van die konsepbewoording kon eintlik lui: *"tot die dood toe"* – wat eerder klem wil lê op die intensiteit as die situering van die lyding soos in *"tot **in** die dood"* (Ons beklemtoning – Deputate).

12.3.10.3 Die dieptepunt van Christus se lyding was sekerlik toe Hy in sy moeder se taal uitgeroep het: *"My God, My God, waarom het U My verlaat?"* Kort hierna – en vóór sy dood – kon Hy sê: "*Tetelestai – Dit is volbring!"* En óók *voor sy dood* het Hy verklaar: *"Vader, in u hande gee Ek my gees oor."* Die bedoeling kan dus duidelik nie wees om te sê *"tot **in** die dood"* nie, maar eerder *"tot die dood toe"*.

12.3.10.4 Die konsepbewoording vir die Apostolicum het nie rekening gehou met 'n verantwoorde aansluiting by die opvolgende klousule *"op die derde dag uit die dood opgestaan het"* nie. Die verbindingswoord *"en" het hier uitgeval.*

12.3.10.5 Die volgende moontlikhede is ook onder die aandag van die Deputate gebring:

(i) *"en helse smarte gelei het;"* (Prof PA Verhoef in *Die Kerkblad*, Maart 2003)

(ii) *"en die angste van die Hel ondergaan het;"*

(iii) *"en helse lyding ondergaan het;"*

(iv) *"en helse angste gely het;"*

12.3.10.6 Genoemde moontlikhede kom inhoudelik ooreen met die voorstel van die afgevaardigdes van die CRCA en die RCNZ op die GKSA Sinode van 2003 (weergegee in CRC of Australia, Acts 2003:lll–136): *"… ; He suffered the torment of Hell;"*

Besluit: Kennis geneem van 12.3.1 tot 12.3.10.6.

12.3.11 Aanbeveling oor die formulering in die Apostolicum

In die lig van die voorafgaande aanvaar die Sinode dié bewoording:

Die oorspronklike "neergedaal na die hel" word in die Apostolicum vervang met die volgende woorde: "...gekruisig is, gesterf het en begrawe is. Hy het die lyding van die hel ondergaan. Hy het op die derde dag opgestaan uit die dood...". Daar word 'n voetnota geplaas by 'Hy het die lyding van die hel ondergaan.' wat lees: "'neergedaal het na die hel' (grondteks) – vgl HK Sondag 16, v/a 44"

Motivering

Dit ondervang die probleem wat aanvanklik gestel word, dat mense die indruk kan kry dat Christus na die hel neergedaal het na sy sterwe.

Die Apostolicum soos behandel in die Heidelbergse Kategismus, Sondag 7, v/a 23, en Sondag 16, v/a 44 word ook gewysig volgens hierbo.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge. Aan die te benoemde Deputate Ekumenisiteit: Binnelands en Buitelands

word dit opgedra om dit te hanteer met die kerke met wie die GKSA in "verband" is en met wie die GKSA "een" is.

12.3.11 Aanbeveling oor die formulering in die Atanasium

Die volgende formulering word aanvaar as plaasvervanging vir "na die hel neergedaal het", in die Atanasium: "wat ter wille van ons saligheid gely het en begrawe is. Hy het die lyding van die hel ondergaan. Op die derde dag het Hy uit die dood opgestaan...". Daarby word 'n voetnota geplaas wat soos volg lees: "'na die hel neergedaal het" (grondteks) – vgl HK Sondag 16, v/a 44".

Motivering

Dit ondervang die probleem wat aanvanklik gestel word, dat mense die indruk kan kry dat Christus na die hel neergedaal het, na sy sterwe.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge. Aan die te benoemde Deputate Ekumenisiteit: Binnelands en Buitelands word dit opgedra om dit te hanteer met die kerke met wie die GKSA in "verband" is en met wie die GKSA "een" is.

12.3.12 Aanbeveling oor die praktiese uitvoering

Indien die Sinode die aanbeveling aanvaar, verg die volgende ook die aandag van die Sinode vir besluitneming:

12.3.12.1 Eweso moet die wysiging in die HK, Son 7:23 aangebring word.

12.3.12.2 Die kerkverband, sowel as al die kerkgemeenskappe wat om kommentaar en/of insette genader is, moet in kennis gestel word van die besluit.

12.3.12.3 Die gesprek moet deur die TKR en die Konvent van Reformatoriese Kerke in Suider-Afrika steeds voortgesit word om tot 'n eenvormige bewoording te probeer kom.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

12.4 *Finansies*

12.4.1 Aanbevelings

12.4.1.1 Die Sinode begroot weer vir die werksaamhede van die Deputate soos volg:

12.4.1.1.1 Een verpligte kollekte per jaar word deur die kerke afgestaan vir die uitvoering van die GKSA se ekumeniese opdrag.

12.4.1.1.2 Reiskoste (binnelands), daggeld (binnelands) en ander noodsaaklike verpligtinge word uit die Sinodekas voorsien.

12.4.1.2 Die Sinode maak voorsiening vir die kerke se gesamentlike verantwoordelikheid ten opsigte van die bediening in Londen deur een verpligte kollekte per jaar.

12.4.1.3 Die Sinode maak ook voorsiening vir die verpligte jaargelde ten opsigte van die ICRC.

Besluit: Goedgekeur.

12.5 *Internasionale Kerkeberaad oor Gereformeerde Identiteit*

Op versoek van die Deputate vir die 150-jarige Fees van die GKSA, het die Deputate geoordeel om in die plek van die konferensie oor Hermeneutiek, wat nie gerealiseer het nie, 'n Internasionale Kerkeberaad oor *Gereformeerde identiteit wêreldwyd* te hou op die Maandag en Dinsdag na die Sinode, dws 19 en 20 Januarie 2009.

Besluit: Kennis geneem.

13. Algemene Aanbevelings

13.1 Ekumeniese kontak wat tot die erkenning van ekumeniese bande en eenheid kan lei, word gemaak met kerke wat met die GKSA een is in leer, diens en tug (KO, art 85).

13.2 Middelmatige verskille behoort nie in die weg te staan van ekumeniese eenwording nie.

13.3 Die praktiese betekenis van ekumenisiteit word vergestalt in sake soos: attestasie en beroeping; uitnodiging na mekaar se Sinodes; insette in mekaar se besluitneming.

13.4 Die betekenis van ekumenisiteit word met betrekking tot spesifieke sake in byvoorbeeld *Die Kerkblad* en by wyse van kort inligtingstukke aan Kerkrade, bekend gemaak.
13.5 Die Deputate kry opdrag om wat die GKSA onder ekumeniese eenheid (kerklike korrespondensie) verstaan, te formuleer en daaroor ooreenstemming te bereik met Deputate van die kerkgemeenskappe met wie die GKSA in korrespondensie is.
13.6 Die Deputate kry opdrag om die tersaaklike besluite van Sinode 2009 weer in Engels te laat vertaal en dit uit te stuur na al die kerkgemeenskappe met wie die GKSA in korrespondensie is. Hiervoor word deur die Sinode begroot.
13.7 Een van die Deputate van Ekumenisiteit: Buitelands word ter wille van noodsaaklike skakeling benoem by Ekumenisiteit: Binnelands.
13.8 Daar indringend gekyk moet word na die opvang van Suid-Afrikaanse kerklidmate in die volgende lande: Nieu-Zeeland, Australië, Kanada en Engeland.
13.9 Kontak opgeneem word, op gereelde basis, met predikante wat voorheen in GKSA gedien het, sodat die kommunikasie kan verbeter, en dat lidmate wat in die betrokke lande gaan woon, opgevang kan word.
13.10 Die Deputate met die kerke in bogenoemde lande skakel en in gesprek tree oor die kwessie dat Suid-Afrikaanse kerklidmate dit soms moeilik vind om by die kerke in te skakel, as gevolg van aksent verskille.
13.11 Die plaaslike kerke ingelig word oor die ekumeniese bande wat bestaan, en dat daar by die Administratiewe Buro ’n lys en ’n kaart – waarop die kerke se ligging aangedui word – sal wees van hierdie betrokke kerke, dat lidmate kan weet waar hierdie kerke is.
13.12 Die Deputate kry opdrag om ’n gebruikersvriendelike inligtingsbrosjure saam te stel aan alle gemeentes om:
13.12.1 ’n duidelike oorsig oor die werksaamhede van die Deputate Ekumenisiteit te gee
13.12.2 inligting (o.a. kontakbesonderhede) oor die buitelandse kerke met wie die GKSA in korrespondensie is, deur te gee
13.12.3 inligting (o.a. kontakbesonderhede) oor die buitelandse kerke met wie die GKSA ekumeniese bande het, deur te gee
13.12.4 kontakbesonderhede van Deputate wat in Suid-Afrika met ekumeniese aangeleenthede gemoeid is, deur te gee

Besluit: Goedgekeur.

14. Terugblik– en Vooruitskouing

14.1 In die lig van die besluite van verskeie Sinodes (kyk 1.3), bly die belewenis van kerkeenheid oor landsgrense die belangrikste en dringendste roeping van die kerk op ekumeniese terrein. Soos wat die liggaam van die Here in die plaaslike kerk tot uitdrukking kom, so moet dieselfde liggaam van die Here ook in kerkverbandelike sin universeel tot uitdrukking kom. Kerke op dieselfde belydenisgrondslag kan nie in die wêreld soos kokonne langs mekaar bestaan sonder om enige blyke of erkenning van mekaar te gee nie. Hierin moet in ag geneem word dat *diversiteit sonder eenheid* die ekumeniese ideaal ewemin sal dien as *eenheid sonder diversiteit*. Skrifgebonde ekumenisiteit skep 'n raamwerk van *eenheid wat diversiteit behou* en *diversiteit wat na eenheid strewe*.

14.2 In hierdie fase van die geskiedenis van die Christendom val die klem toenemend eerder op verenigende as verdelende aspekte. Terselfdertyd maak die "verkleinde" wêreld, vanweë die tegnologie, dit vir kerkgemeenskappe oor die ganse wêreld al hoe meer moontlik om ekumeniese kontak te realiseer en uit te bou. Die kerk moet as die liggaam van Christus homself as sodanig aan die wêreld toon dat hy plaaslik en universeel iets van die "onbeperkte" verskyning van God in die wêreld bekend maak.

14.3 Omdat wêreldwye ekumene 'n omvangryke taak is, bied die lessenaarmetode van die Deputate 'n moontlikheid om ekumenisiteit betekenisvoller en indringender te beoefen. Die onderskeie lessenaars neem al hoe meer eie inisiatief vir 'n bepaalde wêrelddeel wat ekumenies onder hulle verantwoordelikheid val en hulle sorg dat kontakte tov hulle

gebied gemaak word om kerkeenheid te bevorder en te onderhou en dat die gesamentlike opdrag uitgevoer word. As 'n groep wat normaalweg twee keer per jaar vergader, tree die Deputate gesamentlik korrelerend, beplannend en kontrolerend op. So word die werksaamhede van die Deputate beter versprei en hanteerbaar gemaak.

14.4 Om die ekumeniese samesprekings wat die lessenaars met verteenwoordigers van kerkgemeenskappe oor die wêreld heen voer, telkens pertinent op die ontwikkeling van kerkeenheid te rig, en om hierdie gerigtheid ook prakties op vloervlakke in die kerk van die Here gestalte te gee, behoort die Deputate die volgende as prioriteite te beskou:

14.4.1 Met al die korresponderende kerkgemeenskappe se betrokke verteenwoordigers, moet duidelikheid verkry word wat hierdie kerkgemeenskappe verstaan onder ekumeniese eenheid. Die praktiese betekenis van ekumeniese eenheid (moontlike vlakke van eenheidsimplementering en -uitdrukking) moet deurgepraat word om kerkeenheid oor landsgrense al hoe meer sigbaar te maak in plaaslike kerke.

14.4.2 Om ekumeniese eenheid op hierdie wyse sigbaar te maak, moet kerkgemeenskappe al hoe meer insae verkry en insette maak in mekaar se besluitvormingsprosesse. Deputate wat oor prinsipiële sake aanbevelings vir die Sinode moet formuleer, moet al hoe meer insette van die eweknie-deputate van korresponderende kerkgemeenskappe verkry en behoort eweseer die geleentheid te ontvang om insette van die kant van die GKSA in ander kerkgemeenskappe se besluitnemings-prosesse te maak.

14.5 Ekumeniese samesprekings moet dus al hoe meer van praktiese betekenis vir plaaslike kerke gemaak word.

14.6 Die praktyk moet voortgesit word om met al die korresponderende kerkgemeenskappe se Deputate vir ekumene ten minste een keer elke drie jaar samesprekings te voer om onder meer by die volgende Sinode te kan rapporteer of die eenheidsband steeds voortgaan, en veral hoe dit prakties verstewig kan word.

14.7 Omdat die taak van die Deputate al hoe meer uitbrei, sal as maatstaf telkens by nuwe ekumeniese kontakte noodgedwonge gevra moet word hoe so 'n uitreik (soms na 'n verre wêrelddeel) die sigbaarmaking van die eenheid van die kerk van die Here op kort- en lang termyn haalbaar in die praktyk kan dien. Vervlugtende besoeke teen hoë koste, wat nie 'n redelike kans vir opvolging het nie, moenie onderneem word nie.

14.8 Ekumeniese liggame waaraan die GKSA behoort, is belangrik – veral met die ekumeniese kontakte wat hierdie vergaderings bied, moet steeds erns gemaak word. Die Deputate moet hulle egter oor die koste-aspek van lidmaatskap verantwoord, en hieroor met die betrokke ekumeniese liggame onderhandel.

14.9 Afrika moet steeds as 'n prioriteit geag word vanweë die GKSA se besondere roeping en toekomsverbondenheid tov sy "tuiskontinent".

14.10 Voortgesette bande met Gereformeerdes uit Suid-Afrika in ander lande, en hulle bediening daar, moet eweneens die voortgesette aandag van die Deputate ontvang.

14.11 Samewerking op die vlak van missiologie en teologiese opleiding moet voortdurende aandag kry.

14.12 Die waarde van groeteboodskappe wat by die onderskeie vergaderings van ander kerkgemeenskappe en eweneens op die Algemene Sinode van die GKSA gelewer word, moenie gering geag word nie. Hierdeur word die eenheid van die kerk van die Here tot uitdrukking gebring en die boodskappe moet dus met verantwoordelikheid bejeën word.

14.13 Deur die groeteboodskappe kan die inpak wat kerkgemeenskappe wêreldwyd tov teologiese strominge op mekaar het, tot uitdrukking kom. Inspraak wat afgevaardigdes op Sinodes en Kommissies van Sinodes het, moet gesien word as ’n praktiese uitdrukking van die eenheid van kerkgemeenskappe oor land- en kultuurgrense.

Besluit: Kennis geneem van 14.1 tot 14.13.

15. Slotopmerking

Vir die Deputate was die werk waarmee Sinode 2006 hulle toevertrou het, ’n besondere verantwoordelikheid en geleentheid. Die opdrag is deurentyd uitgevoer in die besef dat dit koninkrykswerk is én in die wete dat waar God keer, kan niemand werk nie - maar waar God werk, kan niemand keer nie.

Besluit: Kennis geneem.

16. Verwelkoming van die Reformed Church in East Africa in ekumeniese eenheid

Die voorsitter, dr CJ Smit, rig ’n woord van verwelkoming aan die verteenwoordigers en afgevaardigdes van die RCEA, nl, ds M Mauie en ds S Akoru. Die Moderamen reik ’n hand om die ekumenisiteit te bevestig. Enkele dankwoorde word deur die afgevaardigdes van die RCEA tot die Sinode gerig.

17. Die Sinode vergader in Potchefstroom-Noord se kerkgebou – Viering van GKSA se 150ste bestaan – 14 Januarie 2009

Ds LH van Schaik open deur te lees uit Psalm 81:1-8 en ’n gebed te doen.

Groeteboodskappe en gelukwensing word oorgedra deur die volgende:

- Ds Ray Sikkema van die United Reformed Churches in North America
- Ds Bruce Adema van die Christian Reformed Church in North America
- Ds Rev Geoff van Schie van die Christian Reformed Churches of Australia
- Br Bill MacRae van die Presbyterian Church West Australia
- Ds John Rogers van die Reformed Churches of New Zealand
- Ds JC Wessels van die Reformed Church in Botswana
- Ds KM Kabongo van die Eglise Reformée Confessante Au Congo
- Ds Samson Akoru van die Reformed Church of East Africa
- Prof HG Peels van Christelijke Gereformeerde Kerke in Nederland
- Ds Jan-Matthijs van Leeuwen van die Gereformeerde Kerken Nederland (Vrijgemaakt)
- Ds Kim van die Presbyterian Church in Korea
- Ds Samson Akoru van die Reformed Church of East Africa
- Dr T Eloff, vise-kanselier van die Noordwes Universiteit, Potchefstroomkampus
- Prof PJ Strauss van die Nederduitse Gereformeerde Kerk
- Ds Pieter Nel van die Vrye Gereformeerde Kerk
- Dr DJC van Wyk van die Nederduitsch Hervormde Kerk
- Dr Alistair Wilson van die Free Church of Scotland
- Ds J van Straaten van die Free Church of Scotland (Contin)
- Dr L Antony Curto van die Orthodox Presbyterian Church America
- Dr SD Nel van die Afrikaanse Protestantse Kerk
- Ds Derrick Makriel van die Calvyn Protestantse Kerk
- Prof BJ de Klerk van die Teologiese Skool Potchefstroom

18. Groeteboodskap van dr Kwon van die Presbyterian Church Korea – 1 Julie 2009

Dr Kwon dra die groete aan die vergadering oor. Prof D Mashau rig namens die Sinode woorde van dank en bid die seën van die Here hulle toe.